IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1987-11-16

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 317

(Bladsye 18 126 - 18 190)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 16 NOVEMBER 1987.

MR BIZOS : We are seeking Your Lordship's leave for Mr Baleka, accused no. 1's leave of absence for tomorrow, the 17th, Tuesday, the 17th and Wednesday, the 18th on which he is scheduled to write examinations.

COURT : Was the absence granted on the 13th worthwhile?

MR BIZOS : I have not checked yet.

COURT : Very well, leave is granted.

MR BIZOS : The other matter as Your Lordship knows, accused no. 17, Mr Matlolo, has to have periodic check-ups at the General Hospital in Johannesburg. If Your Lordship pleases to grant him leave of absence tomorrow. I understand that the people concerned are there on Tuesdays.

COURT : Only tomorrow?

MR BIZOS : Only tomorrow, for a check-up.

COURT : That would be the 17th?

MR BIZOS : The 17th.

COURT : Yes, leave is granted.

NOZIPHO GLADYS MJEZA, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Ons is besig met die vergadering van 19 Augustus 1984 en die toespraak van beskuldigde nr. 1. U het Vrydag gesê u het moeilikheid gehad om beskuldigde nr. 1 se toespraak te volg vanweë die Xhosa wat hy gepraat het? -- Ja, dit is wat hy gesê het. U moet my verstaan. Ek is Xhosa self. Daar is nie woorde wat ek nie verstaan in Xhosa nie, maar beskuldigde nr. 1 se gebruik van Xhosa was so moeilik gewees dat die woorde wat hy gebruik het moeilike woorde was om presies te volg wat hy sê.

HOF : Praat hy 'n geleerde Xhosa? -- Ja, behalwe om hom te volg presies wat hy bedoel, moet dit altyd aan jou

verduidelik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verduidelik word wat hy met daardie spesifieke woord bedoel het.

MNR. HANEKOM : Verstaan u Sotho? -- Ja, baie goed.

Is beskuldigde nr. 1 se toespraak nie vertolk nie? -- Dit was getolk gewees.

In Sotho? -- Ja.

Maar dan kon u mos verstaan wat hy sê? -- Ja, maar ek sal u sê wat die moeilikheid daar is. As ŉ persoon in Xhosa praat word dit in Sotho getolk. Partykeer praat hulle gelyktydig. Dit wil sê die tolk is nog besig om te tolk wat vroeër gesê was deur die spreker en dan praat die spreker nog verder aan. Met die gevolg, jy kan volg, maar nie alles en duidelik nie.

Kan u onthou of beskuldigde enigiets gesê het van enige voordele wat die mense sou kry uit die verhoogde huur of nie sou kry nie? -- Wat ek onthou wat hy gesê het was toe hy melding gemaak het van werklose mense wat lank wag vir die UIF wat bekend staan as ŉ "blue card" voor hulle geld kry. Dit wil sê voor hulle die voordele van die fondse kry.

Ja, maar die vraag is, het hy gepraat oor voordele wat die verhoogde huur sou bring of nie sou bring nie, nie oor die werkloosheidskaarte nie? -- Ja, as ek reg onthou, hy het gepraat van die moeilikhede en probleme wat ondervind sal word as gevolg van die verhoging in huur.

Het hy gepraat van paaie wat geteer sou word en elektrisiteit wat aangelê sou word? -- Ek onthou nie dat hy ooit so gepraat het nie.

U sien, beskuldigde nr. 16 het getuig dat beskuldigde nr. 1 het gesê selfs al betaal die mense die verhoogde huur sal hulle waarskynlik nie die voordele daarvan kry nie,

want/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

want dit is nie seker of die paaie ooit geteer sal word en of die elektrisiteit ooit aangelê sal word nie? -- Ek sal dit nie betwis nie, as beskuldigde nr. 16, mnr. Manthata, so getuig het, want dit is hoe hy onthou en ek onthou van wat ek onthou daar plaasgevind het.

Het beskuldigde nr. 1 enigiets gesê van SRC's in die skole? -- Nie wat ek kan onthou nie.

Het beskuldigde nr. 1 gesê die huurkwessie moet nie in isolasie gesien word nie? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

Het hy gesê die huurkwessie moenie in isolasie gesien word nie? -- Nee, ek kan dit nie so onthou nie.

Het hy enigiets gesê van voordele vir blankes? --Nee, ek onthou nie so nie.

U sien, dit is gestel aan die Staatsgetuies dat beskuldigde nr. 1 gesê het die verhoging in huur moenie in isolasie gesien word nie en hy het gesê dat die geld wat vir die huur geneem het van die swart mense sal gebruik word vir die voordeel van die wit mense?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Dit is Volume 26 bladsy 1 247. -- Ek stry nie met die stelling wat gestel is nie, want soos ek alreeds gesê het, wat ek hier in die hof vertel is dit wat ek kan onthou.

Het beskuldigde enigiets van tuislande gesê in sy toespraak? -- Ja, ek onthou dat hy iets gesê het daarvan.

Wat het hy daarvan gesê? -- Wat ek onthou hy gesê het was aangaande die mense wat werknemers is die stedelike gebiede. Hy het gesê as die huur verhoog word, gaan dit die mense se besoek aan die mense in die tuislande affekteer in die sin

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat hulle nie meer genoegsaam geld sal hê om te spandeer op vervoer na die tuislande toe nie.

U sien, dit is gestel aan die staatsgetuies dat wat hy gesê het van die tuislande is dat die huurverhoging die mense in die Transkei ook sal affekteer en hy het verduidelik as die huur verhoog word sal die mense minder geld hê om huis toe te stuur na hulle familie toe? -- Dit is mos presies dieselfde as wat ek nou net gesê het. Twee persone kan luister na 'n persoon wat 'n toespraak maak en die verstaan van die mense is dieselfde, behalwe dat die ander sal dit op 'n ander manier stel en verskil van die ander een.

Het beskuldigde nr. 1 in sy toespraak verwys na die Suid-Afrikaanse Weermag? -- Nee, dit is nie wat ek onthou nie.

Dit is aan die staatsgetuies gestel dat beskuldigde nr. 1 die geloof uitgespreek het dat die geld wat verkry word van die ekstra huurgeld gebruik sal word vir die Suid-Afrikaanse Weermag? -- Ek betwis nie daardie tipe getuienis nie. Al wat ek sê is, ek onthou dit nie.

Het beskuldigde nr. 1 vir die mense gesê of hulle die verhoging moes betaal of nie moes betaal nie? -- Tydens sy toespraak was die resolusie reeds aanvaar by die vorige vergadering, dat die verhoging op huur eers vir 'n rukkie gestop gaan word. Dus tydens sy toespraak het hy dit gehoor. Hy het dit net in die algemeen genoem omdat hy alreeds daarvan geweet het dat daar so 'n resolusie was.

Wie het gepraat na beskuldigde nr. 1 op die vergadering? -- Oupa Hlomoka.

Beskuldigde nr. 2? -- Ja.

Hoe het dit gekom dat beskuldigde nr. 2 aan die

woord/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

woord gekom het, dat hy gepraat het? -- Ons het ŉ bietjie probleme ondervind aangaande die voorsitter van die vergadering wat eintlik nie sy prosedure so goed laat vlot het nie. Met die gevolg daar was wel mense gewees wat af en toe met hom gaan fluister het en daarna sien ŉ mens dat daardie persoon ŉ kans kry om te praat as ŉ spreker.

Sê u dan beskuldigde nr. 2 het vir die voorsitter gaan vra om te praat? -- Ek het aanvaar dat hy dit gaan vra het, want na hy, beskuldigde nr. 2, die voorsitter genader het en aan mekaar daar gefluister het en ek nie kon hoor wat hulle sê nie, is hy toe ŉ kans gegee om die vergadering toe te spreek.

U sien, beskuldigde nr. 3 het getuig dat wat gebeur het is, beskuldigde nr. 2 het vanwaar hy was sy hand net opgesteek en toe het die voorsitter hom geleentheid gegee om te praat?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Volume 230 bladsy 12 240. -- Wat ek onthou, soos ek alreeds gesê het, was dat die voorsitter nie ŉ goeie beheer gehad het oor die vergadering nie. Sy prosedure het nie so goed gevlot nie. Beskuldigde nr. 2 het sy hand opgelig en hy was nie toe daarop gewys om iets te sê nie, as gevolg waarvan hy, beskuldigde nr. 2, toe die voorsitter genader het. Eers daarna is hy toe toegelaat om ŉ toespraak te maak.

Het beskuldigde nr. 2 ŉ lang toespraak gemaak? -- Nee, sover as wat ek kan onthou het hy ŉ baie kort toespraak gelewer.

U het gesê hy het ŉ voorstel gemaak. Sê vir die hof presies wat sy voorstel was? -- Al kan ek nie direk sy

woorde/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

woorde aanhaal nie, maar wat hy gesê het in daardie kort toespraak van hom was die volgende wat ek verstaan het. Dat die besighede van die raadslede is in die woonbuurt. Dus word dit ondersteun deur die inwoners van die woonbuurt deur daar te gaan koop. Met die gevolg hy sê, hy stel nou voor dat ons 'n bietjie ophou met die gebruik van daardie mense se besighede. Dit wil sê om besigheid met hulle te gaan doen.

Het hy gesê vir hoe lank dit moes voortduur? Vir hoe lank die mense se besighede geboikot moes word? -- Nee, hy het nie gesê nie, maar ek het aanvaar dat hy bedoel het dat tot tyd en wyl hierdie probleme van die R5,90 opgelos is, dan sal ons maar 'n bietjie moet wag.

U sien, beskuldigde nr. 2 se eie getuienis was dat hy gesê het die besighede moet geboikot word tot tyd en wyl die raadslede bedank? -- Ek kan dit nie betwis nie. Dit is wat hy self daar gesê het, maar wat ek verstaan het is dat hy gesê het ons moet 'n bietjie wag met die ondersteuning van hierdie besighede tot tyd en wyl hierdie probleme opgelos is.

Het beskuldigde nr. 2 in sy mosie voorgestel dat daar geprotesteer moet word teen die verhoging van huur? -- Ek weet nie of ek dit nou mooi verstaan nie. Of dit op die protes neerkom nie, maar wat hy gesê het was dat ons moenie die besighede van die raadslede ondersteun deur daar besigheid te gaan doen nie.

Dit is gestel aan die staatsgetuie IC.9 dat beskuldigde nr. 2 se mosie eintlik uit twee dele bestaan het en die eerste deel wat hy voorgestel het was dat daar geprotesteer moet word teen die verhoogde huur?

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. HANEKOM : Dit is Volume 29 bladsy 1 295 tot 6. --

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek sê ek onthou nie dat hy dit gesê het nie. Wat ek wel onthou is dat hy gesê het dat die besighedenie gebruik mag word nie tot tyd en wyl hierdie probleme opgelos is.

Is die mosie wat beskuldigde nr.2 voorgestel het bespreek deur die vergadering? -- Ja, dit is wat ek onthou daar gebeur het.

Wat is bespreek daaroor? -- Wat gebeur het, is, na hy sy toespraak gelewer het, het die voorsitter toe aan die gehoor gesê "Daar is nou 'n voorstel wat gemaak is hierso dat die besighede van die raadslede nie gebruik moet word vir besigheid nie. Wat sê julle as 'n vergadering?"

En was daar toe verdere bespreking daaroor? -- Waarop die volgende antwoord toe deur mense geskreeu was "Rea dumela." Dit beteken "Ons stem saam. "Gudwalo", "Dit is so."

Is daar deur die vergadering gestem oor die mosie? -- Na aanleiding van wat ek nou net verduidelik het dat die mense gesê het "Dit is so. Ons stem saam", is die meerderheid van die mense daar in die vergadering dié wat saamgestem het. Met die gevolg is, daar was geen rede om nog die mense te vra "Wie stem saam met hierdie voorstel en wie nie?"

U sien, beskuldigde nr. 2 se getuienis was dat hierdie mosie van hom nie bespreek is op die vergadering nie?

HOF : Dit is wat die getuie sê. Sy sê dit is oopgestel vir bespreking en toe skreeu almal "Dit is heeltemal reg" en dit is nie 'n bespreking nie.

MNR. HANEKOM : Dan net die ander stelling wat ek aan u wil voorhou is, dit is gestel aan die staatsgetuies dat onmiddellik nadat beskuldigde nr. 2 gepraat het, is die mosie - moes daar gestem word oor die mosie. "The motion was put to the vote", soos dit gestel was? -- Ek weet nie, ons mag

miskien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

miskien verskil met die verstaan van die woord van die stemme, maar wat daar gebeur het is die volgende. Die voorsitter sê daar is 'n voorstel deur hierdie man. Wat sê julle? Met ander woorde, dit was 'n manier om die gehoor te vra "Stem julle saam of nie, of ons moet stemme neem" en die mense in die meerderheid sê dat hulle stem. Dit is wat ek sê daar gebeur het.

Die vrou Nana wat ook gepraat het, het sy uit die gehoor gepraat of van die verhoog af? -- Sover as wat ek kan onthou het sy maar daar tussen die gehoor heen en weer beweeg en daar gepraat, nie op die verhoog nie.

HOF : Wat is haar van? -- Ek weet ongelukkig nie wat haar van is nie. Sy is net bekend aan my met die naam Nana.

MNR. HANEKOM : Beskuldigde nr. 2 het getuig dat sy uit die gehoor uit na vorentoe gekom het op die verhoog en daar van die verhoog af haar toespraak gemaak het?

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. HANEKOM : Volume 220 bladsy 11 653. -- Ek stry nie daarmee nie, maar wat ek sê ek onthou is dat sy van die stoel of die sitplek opgestaan het en heen en weer daar beweeg het. Dit is wat ek onthou.

HOF : Terwyl sy praat? -- Ja.

So, het sy in die gehoor op en af geloop en 'n toespraak gehou? -- Soos aangedui, die mense in die gehoor is voor haar aan weerskante. Nou praat sy in hierdie rigting en dan in hierdie rigting aan die linkerkant. Dit is hoe sy gepraat het.

Het sy op een punt bly staan en haar lyf omgedraai en gekyk na die een kant en dan die ander kant en gepraat? -- Nee, sy het beweeg, nie net die lyf beweeg nie, maar sy het

geloop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geloop, 'n entjie gestap en dan weer teruggestap.

MNR. HANEKOM : Het Nana oor eenheid "unity" gepraat? -- Ja, ek onthou dit.

Wat het sy daaromtrent gesê? -- Wat sy daaromtrent gesê het was die volgende. Nou praat ons van hierdie voorstel van die boikot van die raadslede se besighede. Laat ons dan met een stem praat. Om dit te kan doen sal ons maar moet bymekaar wees en dan verenig om dit te kan doen.

U het getuig toe Albert Botha gepraat het, het iemand daarop gereageer. Wie was dit? -- Wat ek onthou is dat na Botha gepraat het, het Oupa Hlomoka daarop geantwoord en eerwaarde Moselane het wat Oupa alreeds gesê het ook maar beaam.

Wat het beskuldigde nr. 2 geantwoord? -- Wat hy gesê het was dat dit is nie al die inwoners van Sharpeville wat teenwoordig is by hierdie vergadering nie. Dus het hy 'n versoek gerig aan die gehoor dat hulle wat teenwoordig is, moet die mense wat nie daar teenwoordig is nie gaan sê van wat die resolusie van hierdie vergadering was, dat hulle ook weet wat daar besluit is.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was dit die reaksie op wat Albert gesê het? -- Ja, dit was 'n antwoord na aanleiding van Botha se vraag wat hy gerig het aan die vergadering.

MNR. HANEKOM : Is dit al wat beskuldigde nr. 2 gesê het? -- Ek sal nie sê dit is al wat hy gesê het nie. Ek het dit onthou dat hy dit gesê het in reaksie na aanleiding van die feit dat daar mense ingelig moet word oor die betaalstorie se besluite.

Het hy gepraat van mense wat wel die huur sou gaan betaal beskuldigde nr. 2? -- Die mense wat die huur sal gaan betaal

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal mense wees wat nie geweet het wat die resolusie van hierdie vergadering was nie.

U sien, beskuldigde nr. 2 se getuienis hieroor was dat hy gesê het dat hulle is bewus dat daar mense is wat sal bang wees dat hulle huise gesluit sou word en daarom sal gaan betaal? -- Ek stry nie daarmee nie.

Dit is verskillend van wat u gesê het. Sê u dit is gesê of sê u dit is nie gesê nie of is dit moontlik dat u nie kan onthou nie? Wat is die posisie? -- Wat ek onthou hy gesê het is dit wat ek aan die hof oorgedra het. Dit beteken dus dat indien hy dit gesê het, is dit moontlik dat ek dit nie onthou nie, maar ek kan nie sê dat hy dit nie gesê het nie.

Behalwe dat beskuldigde nr. 3 beaam het wat beskuldigde nr. 2 gesê het, het beskuldigde nr. 3 enigiets anders gesê? -- Ja, ek onthou dat hy vrae geantwoord het daar.

Nee, u verstaan my verkeerd. Op die - toe hy vir Albert Botha geantwoord het, behalwe dat hy beaam het wat beskuldigde nr. 2 gesê het, het hy nog iets gesê in antwoord op Albert? -- As ek sê hy het dit beaam beteken dit nie dat ek sê hy het gesê "Ja, dit is so" nie. Hy het ook woorde gebesig wat presies daarop neerkom, op dit wat beskuldigde nr. 2 alreeds gesê het in antwoord. Op daardie manier sê ek dat hy dit beaam het, maar hy het ander woorde gebruik om nog dieselfde gedagte oor te dra.

Is dit reg dat u kan nie alles onthou wat beskuldigde nr. 3 gesê het nie? Stem u met my saam? -- Ek kan nie sê dat ek nie alles onthou nie. Al wat ek sê is, sy antwoord was op die vraag wat gestel is in hierdie selfde sin by daardie tyd.

Goed/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Goed, laat ons net een ding toets wat u nou gesê het. Het beskuldigde nr. 3 gepraat en vir die gehoor gesê hy het al verduidelik hoe dit gekom het dat die vergadering gehou is? -- Ek onthou nie. Dit is moontlik dat hy dit gesê het.

MR BIZOS : My Lord, is the witness going to be put through a double and treble memory test in relation to this detail, because that question was asked specifically.

MNR. HANEKOM : Ek kan nie onthou dat ek die vraag al gevra het nie.

COURT : When was this question asked?

MR BIZOS : I think I must resort to the defence that I do not remember, but it was certainly I think on Friday morning. I remember this specific question and if my memory serves me correctly, the answer was the same. It was also put in conjunction with - that it was put by me that it was part of a series of meetings, one that already had been held and others that were going to be held. I think Your Lordship will recall that. It was in that context that it was put.

COURT : Are you still at the same meeting?

MR BIZOS : Yes, the 19th.

COURT : Because we have had 12 August already.

MR BIZOS : What was put was that accused no. 3 said, the meeting has already been held and this meeting has been held and other meetings are going to be held, do you remember that and the witness said no, I do not remember.

COURT : No doubt you are correct. I do not know. I just am not able to pick it up. In elk geval, u het u antwoord. Mnr. Hanekom, terwyl mnr. Bizos in elk geval die onderwerp aanroer, kan daar nie 'n bietjie diskresie gebruik word wanneer op die fynere detail ingegaan word nie?

MNR. HANEKOM/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. HANEKOM : Ek probeer om dit te doen en dit is daarom, ek is nou klaar met hierdie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is seker nie van belang dat ek en my assessor doodgaan van verveligheid nie. Dit het niks met die hele saak te doen nie. Maar kom ons êrens?

MNR. HANEKOM : My probleem is net, die manier waarop sy haar hoofgetuienis gegee het, veral met hierdie vergadering, het sy nie een keer getuig oor wat die sprekers wel gesê het nie. Sy het elke keer net die stellings wat die staatsgetuies oor getuig het ontken, maar ek weet nie hoe ek haar kan toets oor wat daar gebeur het op die vergaderings as ek nie weer hierdie aspekte met haar deurgaan nie. Ek probeer dit so kort as moontlik sny.

HOF : Gaan maar voort.

MNR. HANEKOM : Het by die vergadering van 19 Augustus 'n persoon met die naam van Mandla gepraat? -- Nee, ek kan nie so 'n spreker onthou nie.

Kan u onthou of iemand van SOYCO gepraat het? -- Nee, dit is nie wat ek onthou nie.

Hoe het die vergadering geëindig? Wat het die voorsitter gedoen? -- Bedoel u net voor die sluiting van die vergadering of wanneer?

Ja? -- Hy het die mense herinner oor die petisie en die hofinterdik en gesê "Julle moenie bekommerd wees nie, hierdie twee geniet nog aandag."

HOF : Wie het so gesê? -- Dit is die voorsitter van hierdie vergadering

Is dit nou mnr. Hlubi? -- Ja. Daarna het ons toe met die lied begin.

MNR. HANEKOM : Wat het van die resolusies geword? Is daar

weer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weer verwys na die resolusies? -- Ek kan nou nie onthou presies wat nog gesê is nie, maar soos ek sê hy het die mense daar se aandag hierop gevestig dat die petisie en die hofinterdik is nog in die hande van die prokureurs en dit geniet nog aandag. Dit is die resolusie wat ek na verwys wat hy na verwys het net voor die sluiting.

Beskuldigde nr. 3 het gesê aan die einde van die vergadering het Peter Hlubi al die resolusies wat op die vergadering was uitgelees vir die gehoor? -- Ek weet nie, maar al resolusie wat ek aan kan dink wat by hierdie vergadering aanvaar was, is die een waar die besighede, dit wil sê die winkels van die raadslede geboikot moet word. Ek weet van geen ander resolusie wat hier aanvaar is nie.

Sê u dan dit is verkeerd dat die resolusies uitgelees is, almal is uitgelees op die einde van die vergadering? -- Ek sê nie dit is verkeerd nie. Ek sê wat ek onthou wat daar plaasgevind het, is dit wat ek nou net vir die hof gesê het dat hy die mense herinner het.

Sal u die vergadering van 19 Augustus beskryf as ŉ emosie belaaide vergadering? -- Wat my betref, volgens wat ek daar gesien het, was die mense by hierdie vergadering mense wat meer bekommernis getoon het. Dit is my beskrywing van die vergadering.

HOF : Hoe onderskei u tussen mense wat meer bekommerdheid toon en ŉ emosionele of ŉ emosie belaaide vergadering? Wat is die een en wat is die ander? -- ŉ Mens wat praat oor iets wat hom bekommer wat alleen bekommerdheid toon, praat op die manier wat ek nou net gedemonstreer het. Dit lyk of die persoon pleit met iemand om iets òf te verneem òf bepaal te laat word. My verstaan van ŉ emosiebelaaide vergadering

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal wees die persoon praat baie skerp en die persoon se woorde is sterk woorde teenoor die persoon wat hy praat. Met ander woorde, byvoorbeeld as hy daar ʼn tafel het, dan sal hy miskien die hand op die tafel slaan of sy voet neersit en sê "Dit is wat ek sê moet gebeur." Dit is die verskil wat ek maak tussen die twee.

MNR. HANEKOM : Ek verwys na BEWYSSTUK AQ7 as ek hierdie vrae stel. Dit is ʼn koerantuitknipsel van die Sowetan van 21 Augustus 1984. Was daar lede van die veiligheidspolisie in twee voertuie wat van ʼn distansie af die vergadering dopgehou het? -- Ek sal nie sê dat daar voertuie was wat in ʼn stilstaande posisie was om dit te doen nie. Wat ek wel vir die hof kan sê is dat ek bewus was van twee voertuie wat daar verbygery het en om die hoek gedraai het. Wat van die voertuie daar om die hoek geword het, sal ek nie kan sê nie, want hulle was buite sig.

Weet u wat is Swartmag slagspreuke "Black Power slogans"? -- Nee, ek weet nie.

Het u enige slagspreuke gehoor wat geskreeu is tydens die vergadering? -- Terwyl die vergadering aan die gang was?

Ja, gedurende die verloop van die vergadering? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Behalwe die twee gesange wat u in u getuienis sê by die opening en die afsluiting van die vergadering gesing is, is daar ander liedjies gesing? -- Nee, dit was die enigste twee.

Sal u sê dat daar verskeie leiers van verskillende politieke organisasies die vergadering toegespreek het? -- Nee, ek beskou dit nie so nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het enigiemand van die UDF daar gepraat? -- Niemand was by hierdie vergadering voorgestel as 'n lid van die UDF nie. As dit miskien beweer word dat van die mense wat daar van die gehoor gepraat het lede is van die UDF, sal ek dit nie kan betwis nie.

Stem u saam dat beskuldigde nr. 2 wat gepraat het, van AZAPO was? -- Ja, dit is hoe hy voorgestel was.

En beskuldigde nr. 1 van die Azanian National Youth Unity? -- Ja, dit is hoe hulle voorgestel is.

En beskuldigde nr. 16 van Soweto Civic Associtiion? -- Ja, dit is hoe hy voorgestel was.

Wel, ek wil dit aan u stel dat dit gereël was vooraf dat die verskillende sprekers van die verskillende organisasies by die vergadering optree? -- Ek het al in my getuienis gesê dat melding gemaak was van 'n spreker, nie sprekers nie.

Ek wil u nou verwys na BEWYSSTUK G30. Dit is die onderhoud wat mnr. Kevin Harris na 26 Augustus 1984 se vergadering gehad het met beskuldigde nr. 3 en Peter Hlubi? -- Ja.

Ek sal later hierdie aspek behandel na teetyd. Was daar by die vergadering van 19 Augustus 1984 wat u sal beskryf as 'n "scathing attack on the councillors"? -- Ek sal nie sê dat dit so beskryf kan word nie. Daar was geen aanval op enige persoon daar in die toesprake nie. Al wat dit duidelik gemaak het, was dat die mense ontevrede was.

Ek wil dit aan u stel in afsluiting wat hierdie vergadering betref dat op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984 was die doel daarvan om striemende aanvalle te loods op die raadslede? -- Glad nie. Daar bestaan nie so iets nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En ek wil dit ook aan u stel dat daar inderdaad sulke striemende aanvalle op die raadslede geloods is en hulle is so sleg gemaak by die gehoor? -- Beslis nie. Ek stem nie saam nie. Daar was wel melding gemaak van die raadslede by hierdie vergadering se toesprake en 'n resolusie is toe daar aanvaar dat daar geen ondersteuning moet wees van die besighede van die raadslede nie. Dit is al wat daar gebeur het. Dat ons geen geld in hulle koffers moet bydra nie.

En ek wil dit laastens aan u stel dat u geheue besonder swak is en u kan nie alles onthou wat op die vergadering gesê is nie? -- Ek het al vir die hof hier gesê dat ek nie alles onthou wat daar gebeur het nie, maar wat belangrik was vir my, wat van belang is by hierdie vergadering, wat ek onthou het ek voor hierdie hof genoem.

Het u self besluit wat vir u van belang is en wat nie vir u van belang is nie? -- Wat van belang was by hierdie vergadering was oor die verhoging van die huur. Tweedens, wat die reaksie van die gehoor is, dit is die gemeenskap se gevoelens met betrekking tot die besluite oor hierdie verhoging.

En ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr. 16 by hierdie vergadering inderdaad vir die mense gesê het dit is nou die tyd om die raadslede te dood, want hulle wil nie bedank nie? -- Dit is pure leuens. Dit kon nie gewees het nie Dit was eers daar by die vergadering bespreek dat hulle eers ingelig moet word dat hulle moet bedank. Die petisie was daar bespreek dat dit opgetrek sal word om eers vir hulle vir die eerste keer te laat weet van die gevoel dat hulle moet bedank. Waar sou hy daaraan gekom het dat dit nou die laaste dag vir hulle is of die laaste tyd of kans is vir

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle om te bedank.

Die kwessie van die bedanking van raadslede was mos al baie vroeër geopper in die Vaaldriehoek, nie so nie? -- Ek weet nie waarvan u nou praat nie.

Is daar petisievorms geteken by die vergadering van 19 Augustus 1984? -- Nee, daar was geen.

Het u en mnr. Hlubi en beskuldigde nr. 3 in die week na 19 Augustus byeen gekom? -- Ja, dit is so.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MR BIZOS : It was subject to confirmation, that is why I did not raise it this morning, an appointment, subject to Your Lordship's approval has also been made for Mr Nkopane, accused no. 10, to see a doctor. If Your Lordship would grant him leave.

COURT : For today?

MR BIZOS : For tomorrow.

COURT : Which accused is it? No. 10?

MR BIZOS : I beg your pardon, it is no. 8 for the 17th.

COURT : It is granted.

MR BIZOS : Thank you.

NOZIPHO GLADYS MJEZA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Op watter datum was die byeenkoms tussen u, Peter Hlubi en beskuldigde nr. 3 na 19 Augustus 1984? -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie. Al wat ek vir die hof kan sê is, dit was in die loop van die week na die 19de voor die 26ste.

Wat was die doel daarvan? Wat het julle bespreek? -- Eerwaarde Moselane het ons daar kom inlig oor wat die prokureurs gesê het aangaande die petisie, of ons nou kan voortgaa

daarmee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarmee of nie. Die boodskap dus was dat ons aangeraai is om voort te gaan met die petisie.

En die interdik? -- Ek sê dan reeds so. Hy het gesê hy was van die prokureurs af en die prokureurs sê ons kan voortgaan met die petisie.

HOF : Nou is die vraag wat van die interdik? -- Sy eintlike woorde was dat die prokureurs sê ons kan maar voortgaan. Met verwysing na die twee. Toe ek melding gemaak het van die interdik, het ek net ŉ voorbeeld gemaak van byvoorbeeld die interdik, insluitende die petisie.

MNR. HANEKOM : Is dit bespreek wie die koste sou dra as julle voortgaan met die regsaksies? -- Nie terwyl ons daar byeengekom het gedurende die week nie.

Wel, is dit ooit bespreek? -- Ja, op ŉ stadium, as ek reg is, by die vergadering van die 26ste, was daar ŉ vraag gewees aangaande die kostes, wie die kostes sal betaal vir die regsverteenwoordigers.

En wat is bespreek daaromtrent? -- As my geheue my nie in die steek laat nie, iets was tot hierdie effek gesê dat ons nou moet besluit hoe ons die kostes van die regsverteenwoordigers sal betaal, maar wat presies daaromtrent gesê was, kan ek nie onthou nie.

Is daar enige besluite geneem in die verband oor die kostes? -- Ek kan my nie voorstel dat daar enige resolusie aanvaar was by hierdie vergadering aangaande dit nie, maar ek in my eie gedagte het aanvaar dat eerwaarde Moselane is die persoon wat met hierdie ding betrokke is oorspronklik. Dus sal dit vir hom wees om te besluit saam met wie hy dit gaan bespreek en wat die besluite gaan wees van hom en daardie persone of persoon.

By/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

By die byeenkoms van u voor die vergadering van 26 Augustus 1984 het julle bespreek wanneer julle hof toe sou gaan om die interdik te kry? -- Oor wat?

Nee, u het gesê beskuldigde nr. 3 het gerapporteer die prokureurs sê julle kan voortgaan vir die interdik en die petisie. Het julle verder as dit besluit? Wanneer sou julle begin met die aksies? -- Ja, ons het ooreengekom dat na die vergadering van die Sondag, dit wil sê die eerskomende Sondag se vergadering, sal die petisiedokumente daar geteken moet word.

Dit is die vergadering van 26 Augustus 1984? -- Dit beteken dat die vorms van die petisie aan die mense gegee sal word na hierdie vergadering om dan versprei te word met die doel op die verkryging van handtekeninge in die woonbuurt.

Wat is besluit omtrent die interdik? Wanneer sou daar werk gemaak word met betrekking tot die interdik? -- Ek het geen ondervinding gehad van beide die petisie en die hof-interdik nie. Toe eerwaarde Moselane daar gekom het en gesê het dat die prokureurs sê ons kan voortgaan daarmee, het ek aanvaar dat alles deur hom gereël is. Dit wil sê met betrekking tot die voortgaan van hierdie twee.

Is die interdik bespreek op die vergadering van 26 Augustus 1984? -- Wat ek duidelik onthou is dat net voor hierdie vergadering uiteengegaan het, was melding gemaak van hierdie interdik by hierdie vergadering.

Wat is gesê van die interdik? -- Al sal ek nie die presiese woorde kan aanhaal van die spreker wat melding daarvan gemaak het nie, maar wat ek kan sê aan die hof is dat hierdie persoon se woorde was tot 'n mate aanmoediging van die mense en om te toets wat die mense se gevoelens is omtrent die

interdik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

interdik en die petisie.

Het beskuldigde nr. 3 op die vergadering van 26 Augustus 1984 aan die gehoor verduidelik wat bedoel word met 'n interdik? -- Ja, hy het beide die hofinterdik en die petisie breedvoerig verduidelik.

Sê asseblief vir die hof wat het beskuldigde nr. 3 verduidelik van die interdik? Vergeet nou eers van die petisie, net die interdik? -- Wat hy gesê het, al sal ek nie in staat wees om presies sy woorde aan te haal hier in die hof nie, was die volgende. Dat die hofinterdik beteken dat dit deur die hof gedoen sal word om die R5,90 te stop. Dit sal getoets moet word in die hof of dit wettig gedoen was en of die wettige prosedure daarop toegepas is vir die regverdigheid van die R5,90. Dit is wat ek van hom verstaan het.

Het beskuldigde nr. 3 vir die gehoor gesê die advies van die prokureurs was dat hulle moes voortgaan met die interdik? -- Ek kan nie onthou dat hy spesifiek dit oorgedra het aan die gehoor nie, maar wat ek wel kan onthou is dat hy probeer het om die mense te toets, of hulle nog volstaan by die besluit van die petisie en die hofinterdik.

Het beskuldigde nr. 3 vir die gehoor gesê wanneer daar met die - wanneer die interdik aangevra sou word van die hof? -- Volgens hom moes dit gedoen gewees het voor 1 September 1984.

Was dit ooit gedoen? -- Nee, dit was nie gedoen nie. Daar was nie hof toe gegaan nie.

Waarom nie? Wat het fout gegaan? -- Dit was omdat die terugontvangs van hierdie petisievorms nog nie genoegsaam was nie en daar was nog nie genoegsame handtekeninge bekom

deur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

deur hierdie mense wat die handtekeninge moes kry op die petisievorms nie. Dit was tot op die vergadering van die 2de nog nie eers genoeg nie.

Maar wat het die petisie te doene gehad met die interdik? -- Ek het vir die hof hier gesê dat eerwaarde Moselane is die persoon wat die prokureurs gaan sien het en ons het net uitgevoer wat hy vir ons gesê het moet gedoen word na hy gesê het die prokureurs sê ons kan voortgaan.

Het beskuldigde nr. 3 op die vergadering van 26 Augustus aan die gehoor gesê wat sou gebeur as die interdik nie slaag nie? -- Ek kan nie sê of hy gesê het wat sal gebeur nie, maar in sy toespraak het hy een ding duidelik gemaak en dat ons hier te doene het met twee dinge. Met ander woorde, ons kan voortgaan met die twee of een van die twee.

Want u sien volgens BEWYSSTUK V31, die transkripsie van die gebeure van die vergadering van 26 Augustus 1984 op bladsy 19 ses reëls van bo af word beskuldigde nr. 3 soos volg aangehaal "No, that firstly we resolve to seek a court interdict. Now, if it happens that the court interdict fails, then the petition will carry weight and then if the petition carries weight, it will be hitting them from both sides, from all sides." Sonder hierdie bewysstuk kan u nie K1027 onthou dat dit gesê was nie? -- Ek het hier vir die hof gesê dat hy gesê het ons het hier twee dinge wat ons mee kan gaan. As hierdie een slaag, kan ons hierdie een ook gebruik. Dit wil sê ȍf ons kan beide gebruik ȍf een van die twee gebruik.

Is dit op die vergadering van 26 Augustus 1984 ooit gesê dat die interdik gebruik kan word om te verhoed dat mense uit die huise uitgesit word as hulle nie die huur betaal nie? -- Ek het bietjie ŉ probleem daar gehad. Dit wil sê om ŉ

onderskeid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

onderskeid te maak tussen die twee, ŉ petisie en ŉ hofinterdik. Dit kan wees dat dit gesê was, maar weens my probleem van onderskeiding tussen die twee, kan ek net nie sê nie.

Op die vergadering van 26 Augustus was ŉ spiraalboekie gesirkuleer waarin name geskryf was. Waarvoor was die name? -- Die name was op daardie boekie neergeskryf met die oog daarop dat daar mense sal wees wat namens die woonbuurt gaan optree. Dit wil sê wie se name gebruik kan word namens die inwoners.

Is dit in die interdik? -- Ek het vir die hof hier gesê ek het nie ŉ ondervinding of ŉ goeie kennis gemaak van die hofinterdik nie. Destyds het ek nog nie geweet wat gebeur het nie, maar al wat gesê was is die volgende. Dat daar mansmense se name verkry moet word wat dan sal saam sal gaan met die uitvoering van die hofinterdik. Wat dit nou sou beteken het, hoekom hulle by moet wees of hoekom hulle name daar getoon moet word, het ek nie geweet nie.

Was dit enige persone se name wat daar in die boekie geskryf was of was dit mense wat agterstallig was met die huur en wat uitgesit sou word uit hulle huise uit? -- Ek sal nie kan sê wat die vrae was wat gevra is deur die skrywer van die name nie. Of hy nou gevra het of die mense huur betaal het of nie, dit sal ek nie kan sê nie. Al wat ek weet is dat die mense wie se name daar geskryf word, is die mense wat hof toe sou gegaan het.

HOF : Wie het dit gereël? Wie se boekie was dit? -- As ek reg onthou Mothofela Mokhema is die persoon wat die boekie gehad het.

MNR. HANEKOM : Maar voordat hy begin het om die name te versamel, het die voorsitter nie aan die gehoor verduidelik

waarvoor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

waarvoor die name benodig word en wat daarmee gedoen gaan word nie? -- Ek kan nie onthou dat die voorsitter enige ding daaromtrent aan die gehoor verduidelik het nie. Wat ek wel kan onthou is dat iemand van die gehoor gesê het laat ons gou praat, want die mense sal naderhand wegkom sonder om geld te betaal. Dit was na aanleiding van die vraag wie die regskostes sal dra en Mothofela Mokhema het toe onmiddellik met die boekie van hom begin. So, daar was geen verduideliking aan die gehoor nie.

Moet ek dan nou verstaan van u dat die mense wat in die boekie geskryf het waarskynlik mense was wat sou bydra tot die kostes? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Ek noem dit maar as een van die dinge wat geopper is in plaas van verduideliking van wat gaan gebeur met die mense se name, maar wat ek wel van weet is dat die mense se name wat versamel is, is die mense wat daar sou opgetree het.

HOF : Maar nou, u naam is nie opgeskryf nie? -- Nee, want daardie mense met die boek was 'n entjie ver van my af.

Het hulle dan net die mense gevra wat naby hulle was, nie die ander mense nie? -- As ek reg onthou het die persoon met die boek geloop daar tussen die mense by die stoele en gevra "Wil jy hê jou naam moet opgeskryf word?" Maar dit was nie by my gewees nie. Die mense het nie by my gekom nie.

MNR. HANEKOM : Wat het van die spiraalboekie geword na die vergadering? -- Ek sal nie kan sê wat daarvan geword het met sekerheid nie, maar daar was 'n voorsitter gewees. Alles wat afgehandel was, was terugbesorg aan hom, dit wil sê Peter Hlubi was daar. So, alles was aan hom terugbesorg.

Toe die vergadering van 26 Augustus in aanvang neem, is daar enige notules gelees? -- Ja, die resolusies wat

aanvaar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aanvaar was is gelees.

Die resolusies wat aanvaar was op die 19de se vergadering? 19 Augustus? -- Nee, ek sal dit nie bepaal op 19 Augustus se vergadering nie, want die voorsitter het die resolusies gelees vanaf die tyd wat ons begin het met die vergadering.

Hoe het dit gebeur dat beskuldigde nr. 2 op die vergadering gepraat het? -- Ek weet nie. Al wat ek opgelet het daar was die volgende. Die voorsitter het gesê ŉ spreker wat deelgeneem het aan die vorige vergadering sal weer vandag ŉ toespraak lewer.

Het u enigiets te doen gehad met die feit dat beskuldigde nr. 2 gepraat het op die vergadering? -- Nee, soos ek sê, ek het bewus geword daarvan dat daar iemand gaan praat wat ŉ spreker was verlede week as gevolg van die opmerking van die voorsitter toe die voorsitter gesê het ŉ spreker van verlede week se vergadering gaan ŉ toespraak lewer.

Want u sien, beskuldigde nr. 2 het getuig dat terwyl hy in die gehoor gesit het, het Peter Hlubi vir u gestuur om na hom toe te kom en hom na die verhoog toe te roep?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Volume 220 bladsy 11 660. -- Ek kan dit nie so onthou nie. Wat ek wel kan sê is dat ek onthou dat die voorsitter melding gemaak het van ŉ spreker wat verlede week deelgeneem het wat vandag ook ŉ toespraak gaan maak. Dit kan wees dat ek hom geroep het. Ek kan dit nie betwis nie, maar ek kan dit nie onthou nie.

Het beskuldigde nr. 2 die resolusie oor die boikot van die raadslede se besighede aan die gehoor verduidelik? -- Ek verstaan nie as u nou praat van resolusies wat hy verduidelik het nie, maar ek kan wel onthou dat hy melding gemaak

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het by hierdie vergadering van ŉ boikot van raadslede se besighede.

Het beskuldigde nr. 2 enigiets gesê dat daar miskien ŉ indruk geskep word dat die sprekers op die vergadering sal oorneem van die raadslede af?

HOF : Het nr. 2 gesê dat daar ŉ indruk geskep word?

MNR. HANEKOM : Ja.

HOF : Deur wie?

MNR. HANEKOM : Deur die sprekers op die vergadering? -- Nee, hy het nie so gesê nie.

U sien, sy getuienis in die verband is dat hy in sy toespraak verduidelik het dat die indruk nie geskep moet word dat hulle wat daar op die vergadering as sprekers optree die funksies van die raadslede sal oorneem nie? -- (Tolk: Verskoon my, dan was my vertolking aan die getuie verkeerd gewees, want dit was die teenoorgestelde van wat nou gestel was.)

HOF : Ek dink nie u vertolking was verkeerd nie. Ek dink die stelling was heeltemal verkeerd. Stel die vraag weer van die begin af korrek.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 2 op die vergadering gepraat van indrukke wat geskep word of nie geskep moet word nie, dat die sprekers op die vergadering aktiwiteite van die raadslede sal oorneem?

HOF : Waarom moet u dit nou in die positief en in die negatief stel? Maak ŉ positiewe stelling en vra of hy dit gesê het en as hy dit gesê het weet ons waar ons is en as hy dit nie gesê het nie, dan weet ons ook waar os is.

MNR. HANEKOM : Ek sal dit dan anders stel. Het beskuldigde nr. 2 op die vergadering verduidelik dat daar nie ŉ indruk

geskep/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geskep moet word dat hulle wat sprekers is by die vergadering gaan oorneem van die raadslede nie? -- Ja, ek onthou dat hy so gesê het.

U het getuig dat toe die ouvrou wat ons weet mev. Mokati gepraat het van die insident waar die busse met klippe gegooi was, het beskuldigde nr. 3 daarop kommentaar gelewer? -- Wat ek kan onthou is dat hy wel daarop geantwoord het, maar dit was 'n lang toespraak wat hy gemaak het in hierdie antwoord. Wat ek verstaan het, is die volgende, dat hy gesê het die skoolkinders kan iets doen terwyl hulle in gedagte het dat dit wat hulle doen is reg en terwyl 'n regte ding en die regte optrede van 'n mens nie op enige manier gedoen kan word nie. Dit wil sê dit moet bepaal word dat dit van toepassing is volgens wat bespreek word. Nie op enige manier sommer aangeval word nie.

HOF : Wag nou net so 'n bietjie. In watter verband is dit gesê? -- Dit het hy gesê in die verband van die aanval van busse met klippe.

Wat het die aanval op busse te doen met daardie besondere vergadering? -- In die eerste plek toe die ouvrou melding gemaak het van die busse wat aangeval was met klippe, het ek self hierdie indruk gekry wat ek vermoed eerwaarde Moselane ook gekry het, dit is hoekom hy so geantwoord het, dat die ouvrou dink nou die kinders se optrede is as gevolg van die feit dat die huur verhoog word en hier word die huurverhoging bespreek. Dus moet sy dit hier kom opper. Na aanleiding daarvan, dit wat ek dink eerwaarde Moselane verstaan het, het hy op hierdie manier antwoord gegee.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 3 ooit in sy toespraak verwys na die betrokkenheid van die jeug en die huurkwessie?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ja, in daardie lang antwoord van hom wat hy gegee het, soos ek alreeds gesê het, het hy die feit daar genoem.

Wat het hy gesê? -- In die algemeen kortliks het ek verstaan dat hy bedoel het dat die verhoging van huur raak almal. Skoolkind, die persoon wat werk, 'n werklose persoon, almal wat 'n deel is van daardie gemeenskap, as die huur verhoog word, word daardeur geraak.

Het beskuldigde nr. 3 gesê die jeug moet betrokke raak in die hele kwessie van huurverhoging of hulle moet nie betrokke raak nie? -- In sy hele toespraak daar het hy dit duidelik gemaak dat die kinders niks te doene het met die kwessie van die huurverhoging nie. Om dit te staaf het hy nog gepraat van die permithouers is mense wat hierdie vergadering moet bywoon.

Het enigiemand op die vergadering verwys na - ek sal maar die Engelse woord gebruik "ward committee members" wat bedank het? -- Ek onthou nie. Dit kan wees dat iemand daarvan gepraat het.

Het enige persoon gesê die huur in die Vaal is hoër as in ander swart woongebiede in die land? -- Ja, ek onthou dat daar iemand so gesê het.

Kan u onthou wie dit is? -- Ja, hy is net bekend aan my as oom Mkhwanazi.

Is daar deur enige spreker op hierdie vergadering verwys na 3 September? -- Verwys na 3 September?

Dit is reg? -- Ek kan nie onthou dat enigiemand by hierdie vergadering spesifiek in sy toespraak verwys het na hierdie datum 3 September nie. Ek kan wel onthou dat 'n persoon gepraat het van op daardie dag sal jy vind dat daar mense op verskillende maniere bekruip.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Wat bekruip? -- Vir die feit dat ek sê dat die persoon nie 'n spesifieke dag of 'n datum genoem het nie. Die persoon het so 'n bietjie deurmekaar gepraat. In een asem het die persoon gepraat van mense wat op skelm maniere huur sal gaan betaal op hierdie dag, verwysende na daardie dag en dan het die persoon weer in dieselfde asem gepraat van busse. So, 'n mens kon nie eintlik met sekerheid sê waarvan hy praat nie.

Wie is die persoon? -- As ek reg onthou, is Botha die persoon wat gepraat het van busse.

MNR. HANEKOM : Wat het hy gesê van die busse? -- Soos ek alreeds gesê het, die persoon het so deurmekaar gepraat dat ek nie kon verstaan het presies waarvan hy wou praat nie. Hy het gepraat van die petisie. In dieselfde asem dan praat hy van Motaryane. Motaryane is die naam van die besigheid van die busse. Dan praat hy weer van die lokasie, die toestand van die lokasie daardie dag. Ek kon net nie eintlik uitmaak wat hy presies wou gesê het nie.

HOF : Praat hy van daardie dag, die toestand van die lokasie daardie dag, die dag van die vergadering of 'n ander dag? -- Ons was by die vergadering en in sy toespraak het hy gepraat van die dag in die toekoms, dit wil sê in die toekomstige tyd.

MNR. HANEKOM : Het u nie vir mnr. Hlubi of vir beskuldigde nr. 3 gevra wat wou die persoon eintlik sê oor die dag en oor die busse? Wat beteken dit alles? -- Die persoon het my kop so deurmekaar gemaak. Voor ek iets kon gevra het, was hy gestop en verhoed om verder te praat. So, dit was net daar gelaat.

Is die posisie nie dat op die vergadering is daar

bespreek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bespreek dat daar ŉ "stay-away" sou wees op 3 September 1984 nie? -- By hierdie vergadering was daar hoegenaamd geen besprekings oor die "stay-away" nie. Dit kan wees dat hy dit in sy gedagte alleen gehad het, maar dit het niks met hierdie vergadering te doene gehad nie.

Is dit nie gesê dat busse en taxi's nie op 3 September in die woongebied sal inkom nie? -- Soos ek alreeds gesê het, geen melding was gemaak van 3 September nie. Die enigste dag wat ons voor gewag het was die dag waarop ons met die prokureurs na die hof toe sou gaan met die petisie.

Na watter dag verwys u nou? Op watter dag sou julle saam met die prokureurs na die hof toe gegaan het? -- Ek het hier vir die hof gesê ons was eintlik van plan gewees om hof toe te gaan voor die dag van 1 September.

Ek wil u verwys na BEWYSSTUK V31 bladsy 14. Onder aan die bladsy die laaste paragraaf praat mnr. Mokhema. Watter mnr. Mokhema is dit wat hier gepraat het? Weet u? -- Ek kan nie onthou van hierdie Mokhema nie.

Kyk wat sê die Mokhema. Hy sê "Now, to be about that, that is to say one thing only. That is on the day of the 3rd." Stem u saam, dit verwys na 3 September?

HOF : Hoe moet sy daarmee saamstem, mnr. Hanekom? Hier gee u vir haar ŉ transkripsie wat nie eers in die oorspronklike is nie, want daar is ŉ oorspronklike ook nog wat voor die hof is wat u nie gebruik nie en dan vra u haar wat dit beteken. Waarom vra u haar nie of daar ŉ kêrel Mokhema gepraat het en wat hy gesê het nie. Dan weet ons nou waar ons is.

MNR. HANEKOM : Kan ek dit so dan aan haar stel. Het Mokhema gepraat oor die 3de? -- Watter Mokhema?

Enige/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Enige Mokhema? -- As ek reg onthou het Mothofela Mokhema 'n toespraak gemaak of het iets te sê gehad by hierdie vergadering.

Het hy verwys na die 3de? -- Nee, ek onthou nie dat hy iets gesê het van die 3de nie.

Wil u net die onderste deel van bladsy 14 waar Mokhema praat, daardie hele paragraaf en eerste paragraaf op bladsy 15 lees en vir die hof sê of u so 'n toespraak kan onthou?

HOF : Het u die oorspronklike?

MNR. HANEKOM : Ek het nie die oorspronklike by my nie.

HOF : Laat die tolk die oorspronklike woorde vir haar lees, dan hoef ons dit nie eers van die oorspronklike taal en dan in Engels te hê en dan weer terug te tolk wat miskien 'n bietjie verskil van wat in die oorspronklike gesê is nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die Engels is op bladsy 14.

MNR. HANEKOM : Daar waar mnr. Mokhema in die Engels sê "Now to be - cannot be heard well." Daardie deel. -- (Die getuie lees die Sotho gedeelte self)

MNR. HANEKOM : Ek wil net op rekord plaas dat die oorspronklike is BEWYSSTUK G31(a). -- Ja, ek onthou hierdie toespraak wat deur mnr. Mokhema gelewer was daar, maar onmiddellik toe hy by die gebruik van hierdie woord gekom het "mpimpi" was daar toe 'n groot geraas van die gehoor af. Daar was van die mense wat gefluit het en wat hard geskreeu het terwyl hy nog voortgegaan het met sy toespraak. Met die gevolg dat ek nie alles kon volg wat hy sê nie, as gevolg van hierdie geraas. Tweedens, toe hy melding gemaak het van sekere dinge wat ek nie verstaan het hoe dit betrek word by hierdie vergadering nie, het ek toe nie veel ag geslaan of belang gestel om hom te hoor verder praat, dit wat hy sê nie.

ASSESSOR/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Gebruik hy die woord "mpimpi" in die Sotho? -- Ja, hy iets gesê en dan hierdie woord self in Sotho gebesig, of daar nie ꞌn "mpimpi" teenwoordig is nie.

HOF : Mnr. Die Tolk, daardie woord "mpimpi", is dit in die oorspronklike daar? -- (Tolk: Ja, die eerste paragraaf van Mokhema se toespraak die laaste reël daarvan praat hy van ...)(Hof kom tussenbei)

Kan u vir my die sin lees in die Engels onder aan bladsy 14 van V31 waarin die woord "mpimpi" voorkom?-- (Tolk: Ja, hier word dit in BEWYSSTUK V31 verwys na hierdie sin wat lees "Does it not mean that there is an informer in the family Informer is the equivalent of mpimpi. (Tolk lees ꞌn sin in Sotho voor waarin die woord "mpimpi" voorkom)

Is "mpimpi" ꞌn Sotho-woord? -- Ek sal nie sê dit is direk ꞌn Sotho-woord nie, maar dit word ook in Sotho gebruik. Andersins ꞌn beskrywing van so ꞌn persoon in Sotho het ꞌn spesifieke benoeming.

Die Mothofela Mokhema, is dit Mothofela Mokhema wat hier gepraat het van "mpimpi" of is dit iemand anders wat gepraat het van "mpimpi"? -- As ek reg onthou, tydens sy toespraak het hy die woord gebruik, want dit is na gebruik van hierdie woord "mpimpi" dat daar ꞌn groot geraas was.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Onmiddellik daarna of het hy nog iets gesê voor die groot geraas gekom het? -- Hierdie sin is in die vorm van ꞌn vraag. Die vraag is (Sotho word gebruik). Toe daardie vraag gevra is, onmiddellik toe hy by die voltooiing van die vraag gekom het, na gebruik van "mpimpi", was daar ꞌn geraas gewees.

Wat se geraas? -- In antwoord op sy vraag wat hy gevra het met die gebruik van die woord "mpimpi" het die mense

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesê "Ja, daar is ŉ 'mpimpi' teenwoordig."

So, die vertaling is korrek? -- Ja, volgens my is dit korrek.

En toe het mnr. Mokhema aangegaan en verder gepraat? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Dit is toe hy aangegaan het om te praat wat hy na die 3de verwys het. Kan u dit onthou? -- Ek het ongelukkig nie gehoor dat hy die 3de in sy toespraak gebruik het nie. Ek sal vir u sê hoekom. Onmiddellik na die gebruik van hierdie woord van hom van "mpimpi" wat veroorsaak het dat daar ŉ geraas was, het ek nie eers aandag gegee aan wat hy sê nie. Ek het rondgesoek vir eerwaarde Moselane om hom te vermaan, want in die verlede, mense wat dinge gesê het wat nie betrekking het op die vergadering nie, het hy altyd vermaan.

Was beskuldigde nr. 3 dan nie saam met u op die verhoog gewees nie? -- Nee, nie by my nie. Hy was wel daar naby, maar nie by my nie. Ek kon hom van ŉ distansie af sien.

Om dan net duidelikheid te kry, na die geraas wat daar was, na die gehoor geskreeu het daar is, wat Mokhema daarna gesê het kan u nie onthou nie? -- Ek het nie gehoor wat hy toe verder gesê het nie.

Dan wil ek u verwys na bladsy 21 van dieselfde bewysstuk. Ek gaan eers verwys na die Engelse vertaling V31.

HOF : Hier op bladsy 15 waar ons was, is dit ŉ verwysing wat Mothofela Mokhema maak eerstens na persone wat uitsluip en tweedens na persone en taxi's, maar u sê u het dit nie gehoor nie? -- U sal onthou dat ek vroeër melding gemaak het van sulke praatjies dat daar deurmekaar praatjies was, maar ek het dit op Botha se toespraak betrek. Ek het gehoor

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat iemand hiervan melding gemaak het, maar ek het dit nie op hom gehad nie. In my gedagte, sover ek kon onthou was dit Botha, maar ek dink nou dit is hy.

MNR. HANEKOM : Die stukkie wat u wel gehoor het wat u sê Mokhema gesê het, wat het u verstaan wat sê hy? U sê u het die stukkie dat daar mense gaan uitsluip gehoor. U het gedog dit is Botha wat dit gesê het maar u sien nou dit is Mokhema wat dit gesê het. Wat het u verstaan wat sê hy vir die mense? -- Die twee persone wat ek verwar het is Botha en Mokhema. Ek het rondgekyk of eerwaarde Moselane my sien sodat ek vir hom met die oog kan wink dat hy die mense kan stop, want nou praat hulle van dinge wat eintlik nie betrekking het op hierdie vergadering nie. Dit is my gevoel dat hierdie dinge nie hier betrokke moes gewees het nie.

Maar die vraag is, wat het u verstaan wat sê hy? Wat is die dinge wat u sê nie betrekking gehad het nie? -- Onmiddellik na die melding van "mpimpi" gemaak was, het ek toe begin rondkyk en toe nie die hele ding gevolg van wat hy sê nie. Daar is wel woorde gebruik daar wat ek op die oomblik nie kan verklaar wat ek destyds verstaan het wat sê hy aan die mense nie, omdat ek rondgesoek het vir eerwaarde Moselane sodat ek vir hom met die oog kan knip dat hy die mense kan stop. Dus is ek nie in staat om vir u te sê nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Verstaan ek u reg dat dit die woord "mpimpi" is wat u laat besluit het om te kyk vir eerwaarde Moselane? Kyk, u getuienis was onmiddellik toe u die woord "mpimpi" hoor het u begin rondkyk vir eerwaarde Moselane. Is dit korrek? -- Nie net die woord alleen "mpimpi" nie. Na die volledige sin waarin "mpimpi" gebruik is, het ek toe begin rondsoek vir eerwaarde Moselane.

Voordat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Voordat enigiets verder gesê is? -- Ja, want onmiddellik na dit gesê is in hierdie sin, het ek toe begin wonder wat gebeur nou hierso. Dus het ek rondgesoek na die eerwaarde Moselane.

Dit is duidelik dat dit hierdie sin is wat u genoop het om eerwaarde Moselane te probeer sy aandag trek? -- Ja, tesame met wat hy daar gesê het wat eintlik nie was waarvoor ons daar was om te bespreek nie.

HOF : Maar nou, kan ek net duidelikheid kry. Hoe het "mpimpi" ter sprake gekom? -- Hierdie woord het hier ter sprake gekom toe hy hierdie toespraak gemaak het en dan hierdie voorbeeld gegee het. ʼn Moeder wat by die huis tuis in in die loop van die dag met die kind en die vader kom die aand en dan vertel die kind vir die pa van wat gebeur het hier in die loop van die dag, sal dit nie wees dat daar ʼn "mpimpi" in die huis is in die afwesigheid van die pa nie. Dit is hoe hy daardie woord gebruik het.

Maar ʼn kind vertel gewoonlik vir sy pa wat in die dag gebeur het? -- Dit is heeltemal reg. Dit is ʼn normale ding dat ʼn kind altyd die pa sal vertel van wat gebeur het met hom of haar gedurende die loop van die dag. Byvoorbeeld as jy die kind miskien pakslae gegee het omdat die kind stout was oor iets, sal die kind die pa in die aand vertel as die pa terugkom. Daar is niks daarmee verkeerd nie, maar wat vir my snaaks was hier is, hoekom ek nou so verbaas was, is dat dit nou beskou word as "mpimpi". Dit wil sê die kind word beskou as ʼn "mpimpi" as hy vir sy vader vertel wat in die loop van die dag gebeur het. Dit is wat in my gedagte gekom het dat iets verkeerd was met hierdie toespraak van die persoon. Dus het ek begin soek na die eerwaarde om

hom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hom te stop sodat ons kan verstaan wat hy sê.

HOF : Wat is ŉ "mpimpi"? -- My beskrywing van ŉ "mpimpi" is die volgende. ŉ Persoon wat iets wat in geheim plaasgevind het gaan oordra en dit aan iemand vertel van wie dit eintlik verberg moes gewees het. Byvoorbeeld as ons by ŉ winkel werk en hier sien ek iets wat ek nodig het, my medewerker sien my daardie ding vat vir myself en dit steel, die medewerker van my is bewus daarvan dat ek nie graag sal wil hê dat die werkgewer dit wil sê die eienaar van die winkel moet weet dat ek gesteel het nie en dan welwetende vir die werkgewer gaan sê. Met ander woorde, daardie persoon beskou ek asŉ "mpimpi" want hy of sy het nou gaan oorgee wat ek probeer wegsteek het.

MNR. HANEKOM : Ek kan nie verstaan nie. Wat was u beswaar oor die sin gewees? Wat was so vreeslik aan die sin dat u dit wou stop? -- Ek het hier aan die hof verduidelik dat dit nie net die woord alleen, terwyl dit alleen gestaan het as "mpimpi" het my bekommer nie. Ek het hier gesê die hele trant van die toespraak, die bybringing van die ma en die kind en die vader wat afwesig is, met die "mpimpi" is wat my bekommer het en nie net die woord "mpimpi" alleen soos hy daar staan nie.

Ek sal nog een keer probeer. Kan u vir die hof sê hoekom dit u bekommer het? Wat is so vreeslik daaraan dat dit u bekommer? -- Nee, nee, nee, dit het my nie bekommerd laat voel nie. Dit het veroorsaak dat ek nou verlore raak, dat ek nou nie weet waaroor gaan hierdie toespraak in hierdie vergadering wat ons hou nie.

Maar vroeër in die vergadering, is dit nie reg nie, was daar al vermelding van busse wat met klippe gegooi is.

Wou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wou u dit ook stop? -- Maar ek het al vroeër verduidelik dat alles wat daar gebeur het wat buite die verwagting van die vergadering was, het ons verwag dat eerwaarde Moselane daar sal optree onmiddellik, soos hy gedoen het in die geval van die busse wat met klippe bestook is. Hy het daarop gereageer en dit duidelik gemaak dat dit niks te doene gehad het met die vergadering nie. So, in hierdie geval ook. Dit is dieselfde wat ek verwag het van hom as onse vader, dit wil sê die leier van daardie vergadering, dat hy moes optree. Dit is die rede dat ek na hom met my oë begin soek het.

Het u beskuldgide nr. 3 se oog gevang toe Mokhema gepraat het? -- Ongelukkig nie, nie op daardie huidige stadium nie, want hy het in 'n verskillende rigting gekyk.

Waarom het u self dan nie beswaar gemaak teen die spreker se toespraak nie?

HOF : Omdat sy nie die voorsitter is nie. U was laas by bladsy 21.

MNR. HANEKOM : Kyk asseblief na bladsy 21 van V31. U kan na die oorspronklike ook kyk. Dit is ook bladsy 21 van V31(a).

HOF : Ja, maar nou eers die stelling dat ons hoor waaroor gaan dit. Dit is nie vir haar interessant of vir my interessant dat sy hier sit en notules lees nie. Wat is die stelling wat u maak? Wat wil u weet?

MNR. HANEKOM : Die laaste sin van Botha se toespraak wat hier weergegee word, kan u onthou dat hy dit gesê het? Dit is waar hy verwys na die petisie ... -- Is dit die sin "What should happen ...?"

HOF : Ja, dit is die laaste sin. Dit is die laaste deel

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van daardie sin. Daardie sin wil die advokaat van weet. -- Ek kan dit lees hier, ek verstaan. Dit is die man wat besig is met 'n toespraak wat 'n vraag stel. In die algemeen by hierdie vergadering, wat sal dan gebeur as dit inkom.

Die vraag wat aan u gevra is, kan u onthou dat dit gesê is? -- Ja, ek onthou want as ek reg onthou ek het vroeër vir die hof gesê dat hy het gepraat van busse wat op daardie dag by die plek sal inkom.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1028 NOZIPHO GLADYS MJEZA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U het vir die hof gesê die laaste deel van Botha se toespraak soos dit verskyn dit in BEWYSSTUK V31 en V31(a) het u gehoor? -- Watter gedeelte praat u nou van?

Waar hy praat van die busse wat nie sal inkom nie en wat sal gebeur met die busse wat wel inkom? -- Ja, toe hy gevra het wat gaan gebeur, het ek dit gehoor.

Wat het u verstaan waarna verwys hy? Eerstens na watter dag verwys hy? -- Ek het alreeds gesê dat my kop deurmekaar was. Ek het nie meer gevolg waarvan hy praat nie.

Wel, ek wil dit aan u stel dat op die vergadering dit deur minstens mnr. Mokhema en ook deur Botha genoem was dat daar 'n "stay-away" sou wees op 3 September 1984? En dat die busse en die taxi's nie op daardie dag toegelaat sal word om in die woongebied te loop nie? -- Ek het glad nie verstaan dat hulle van die wegbly-aksie daar gepraat het nie, want toe hulle gepraat het en verwys het na 'n dag in die toekoms, het ek verstaan dat hulle praat van die dag wat ons hof toe gaan aangaande die huur.

Dan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dan wil ek met u behandel die kwessie van die petisie op daardie vergadering van 26 Augustus 1984. Wat in breë trekke is gesê oor die petisie? -- Wat wel gesê was na die vergadering uiteen gegaan het, was dat daar vorms beskikbaar is. Daar word mense benodig om dit rond te neem vir die verkryging van handtekeninge.

Is dit toe gereël dat spesifieke mense petisievorms neem om handtekeninge bymekaar te maak? -- Net voor die vergadering gesluit het, het die voorsitter daar gesê die mense sal moet opkom na my toe om name daar te gee.

As u sê opkom na my toe, bedoel u na u toe of na die voorsitter toe? -- Die vorms was op die tafel gewees van die voorsitter tesame met eerwaarde Moselane wat op die verhoog was. Ek was ook daar in die nabyheid gewees, maar nie by die tafel waar die vorms was nie. Wat dus gesê was deur hom, dit is die voorsitter, is dat die mense op sal kom na die vorms toe, die name daar gee en dan na my toe kom.

HOF : Wat moet hulle by u kom doen? -- Wat sou gebeur het is, die mense sal elke vorm geneem het om handtekeninge te gaan versamel, maar na hy die vorm geneem het, moet hulle eers na my toe kom. Dan moet ek sy naam aanteken dat so 'n persoon 'n vorm in sy besit het om die handtekeninge te versamel.

MNR. HANEKOM : Het dit toe so gebeur, het daar mense gekom wat vorms geneem het en wie se name u geneem het? -- Ja, na die vergadering gesluit het eers het die mense die vorms gaan kry en toe na my toe gekom om die name te gee van die mense wat die vorms geneem het.

Het u die mense se name aangeteken? -- Ja, elke persoon aan wie ek 'n vorm gegee het, se naam het ek neergeskryf.

Nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nie ver van my af nie, was daar mense gewees wat besig was om alreeds te teken vir die petisie.

Hoeveel persone het petisievorms daar gekry om handtekeninge te gaan versamel? -- Ingesluit myself was ons tien persone gewees.

Kan u nog enige van die tien mense onthou? -- Nana was een van die persone, Talitha Jona was een. Die name was heelwat meer as dit, maar dit is al name wat ek nog kan onthou.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Almal vroue? -- Nee, daar was manspersone ook gewees, maar dié se name kan ek nie onthou nie en ons het die mense volgens die wyke geneem. Byvoorbeeld in Vuka het ons een gehad en dan het die area verskil.

MNR. HANEKOM : Het u vir die mense gesê wanneer hulle die voltooide vorms moes terugbesorg? -- Ja, terwyl ons gepraat het, het dit duidelik geword dat ons 'n vergadering moet hê waar hierdie vorms terugbesorg moet word. Dit wil sê 'n vergadering na hierdie een.

Praat u van 2 September se vergadering? -- Dit is so, ja.

HOF : Is dit gemeld? -- Nie aan die gehoor as geheel nie, maar die persone aan wie ek die vorms gegee het, het ek voor gesê dat hulle die vorms sal moet gebruik vir insameling van handtekeninge in die loop van die week. Ons sal nou sien in die loop van die week of daar 'n vergadering gehou gaan word of nie. Ek was self nie seker daarvan nie. Dit is al wat ek aan hulle gesê het.

MNR. HANEKOM : Waarom was dit nodig om 'n vergadering te hou om die voltooide vorms terug te kry? Waarom kon die mense dit nie bloot na u toe gebring het nie? -- Ek weet nie, maar wat ek dink wat die probleem daar was, was dat ek self het

gewerk/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gewerk, ek was nie al die tye beskikbaar nie. Tweedens, van die mense wat hierdie vorms geneem het is ook werksaam. Mense verskil met die skofte wat hulle werk. Dus was dit nie maklik vir almal om enige tyd daar bymekaar te kom vir die vorms nie. Met die gevolg die vergaderdag sou die beste gewees het dat almal weet daar is ŉ vergadering.

Watter gebied het u gedek? Watter plek sou u self handtekeninge kry? -- Die ooreenkoms was dat ŉ persoon gaan werk by die plek waar hy woon, dit is daardie area. Ek woon in Phelandaba. So, my area was Phelandaba.

Hoeveel handtekeninge het u in die daaropvolgende week tot voor 2 September versamel? -- Al is ek nie nou definitief seker van die getal mense nie, skat ek vyf-en-dertig plus.

Verstaan ek u reg dat op die vergadering van 26 Augustus is daar nie aangekondig dat daar definitief ŉ vergadering sal wees op 2 September nie? -- Dalk het ek miskien nie die vraag goed verstaan nie, maar wat ek sê is dat toe ons daar uiteengegaan het by die vergadering van die 26ste, was dit bekend gewees dat daar ŉ vergadering gehou gaan word op die 2de.

Maar het u nie op 26 Augustus besef dat die aangeleentheid rondom die petisie moet gefinaliseer wees voor 1 September voordat die huur in werking gestel word nie? -- Ons was alreeds bewus gewees van die feit dat ons nou nie meer tyd het nie, maar op die vergadering van die 2de was melding hiervan ook gemaak.

Wel, ek wil dit aan u stel dat op 26 Augustus 1984 was daar geen petisievorms op daardie vergadering nie? -- Ek sê aan hierdie hof dat ek persoonlik daardie vorms hanteer

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het.

Ek wil u verwys na ŉ paar plekke en dit is hoekom ek sê daar was nie vorms beskikbaar nie. Ek wil u verwys na V31, u kan kyk na die oorspronklike V31(a) bladsy 19. U sal sien so ongeveer ses reëls van bo af sê beskuldigde nr. 3 - hy praat eers van die interdik en dan sê hy as die interdik nie slaag nie, dan sal die petisie gewig dra. Sien u dit?

HOF : Wat is die stelling daarvan?

MNR. HANEKOM : Ek wil dit aan haar stel dat op daardie stadiu was die petisie iets wat nog genoem was, maar wat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U kan nie daardie afleiding van daardie sin maak nie. Het u ŉ ander sin?

MNR. HANEKOM : Ek wil u dan verwys na bladsy 20 van dieselfde bewysstuk net voordat die gehoor sê "Let it be done", sê beskuldigde nr. 3 "The other issue now, the petition. What do you say about the petition? Should we make the petition?" Ek stel dit aan u dat beskuldigde nr. ... -- Waar is dit wat u nou lees?

HOF : Bladsy 20 van V31. Daar verwys ek na die eerste paragraaf die woorde - die laaste woorde daarvan "The other issue now, the petition. What do you say about the petition? Should we make the petition?" -- Moet ek nou daarop antwoord?

Die advokaat stel aan u dat daardie sinsnede aantoon dat die petisie nog nie reg was nie, daar was nie ŉ petisie op daardie dag nie. Wil u iets daaroor sê? -- Dit is wat ek nou na verwys waar hy die gevoelens van die mense getoets het aangaande die petisie wat alreeds bespreek was en ek was in besit van daardie vorms van die petisie. So, hier was hy net besig om te toets of die mense nou volstaan met die

besluit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

besluit wat tevore geneem was.

MNR. HANEKOM : U sal sien op dieselfde bladsy praat mnr. Mkhwanazi so in die middel van die bladsy. Daar kry ons "You see the thing called petition, beloved africans. I think it is not going to be easy to make it in the manner in which we gathered here. That is according to my observation."

HOF : Mnr. Hanekom, al hierdie goed wat u hier noem is sake vir argument. Wat het dit met die kruisondervraging te doen?

MNR. HANEKOM : Ek wil net die getuie se kommentaar daarop hê.

HOF : Baie dankie vir haar kommentaar. Sy sê daar was nie 'n petisie nie. Nou hang dit af van hoe 'n mens al hierdie woorde interpreteer. Dit kan op verskillende wyses geïnterpreteer word. In betoog kan u ons toespreek oor hierdie goed. Maak die punt en gaan aan.

MNR. HANEKOM : Ek wil u na V30 verwys, maar ek sal dan nie oor die petisie daarna verwys nie, maar voor ete wou ek u na 'n ander aspek van V30 na verwys. Ek het nou vir u 'n afskrif. Ek het aan u gestel vanoggend dat daar 'n ooreenkoms tussen die verskillende organisasies in die Vaaldriehoek was om die vergaderings oor die huurkwessie te belê? -- Ja.

Nou verwys ek u na V30 bladsy 6. So tien reëls van onder af vra mnr. Kevin Harris "Are these just people from the community who stood up and spoke?" Dan sê mnr. Hlubi "Ja, from the community or from different organisations. They just came together in order to see how." Dan sê beskuldigde nr. 3 "There was a consultation of the churches and the trade unions to see about this. So, the church is looking from the one side and the labour" en dan vervolg mnr. Hlubi "and the trade union from the other side of the labour movement." Nou stel ek dit aan u dit is 'n verwysing daarna dat daar

voor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voor hierdie vergadering, die reeks vergaderings in Sharpeville, was daar samesprekings tussen die kerke, die vakbonde? -- Nee, al was ek nie daar toe dit bespreek was soos u nou daarna verwys dat daar wel vantevore vroeër 'n konsultasie tussen hierdie organisasies en die kerk of die vakbonde was nie, verstaan ek dit nie so nie. Hier verstaan ek dit dat eerwaarde Moselane is 'n mens van die kerk se kant af en Hlubi werk vir die unie en myself. Met die gevolg dat hulle die twee bymekaar gebring het en gesê goed, hierdie een kom van die kerk se kant af, hierdie twee kom van die unie se kant af. Dit kan net so goed aanvaar word dat dit deur die mense bespreek is. Dit hang af hoe 'n mens dit oordra aan die ander persoon om te verstaan.

Ek wil dan met u bespreek die vergadering van 2 September 1984. Was daar enige notules gelees by die vergadering? -- Ek weet nie, want ek het 'n bietjie laat daar opgedaag na die vergadering begin het.

Het beskuldigde nr. 3 in u teenwoordigheid 'n toespraak gemaak op die vergadering? -- Ja, met my aankoms daar was hy besig om die vergadering toe te spreek.

Het hy verwys na die petisie? -- Toe ek daar ingekom het was op die stadium toe hy gesê het hierdie handtekeninge op hierdie petisievorms is nie die handtekeninge van al die inwoners van Sharpeville nie. Dit is nie genoeg nie.

Na watter petisievorms het hy verwys? -- Op die 26ste na die vergadering gesluit het, het mense petisievorms saamgeneem om die handtekeninge in te samel. Die dag van die 2de toe ek by die vergadering gekom het, van die vorms was alreeds terugbesorg en hy het na daardie vorms verwys dat dit nie al die mense, die inwoners van Sharpeville se

handtekeninge/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

handtekeninge bevat nie, dit is te min vir die inwoners se getal.

Het u later self beheer van al die teruggebringde petisie-vorms? -- Ek het nie myself beskou as ŉ persoon wat in beheer was van daardie vorms wat terugbesorg word nie, maar ek het net myself beskou as ŉ persoon wat nou hier ŉ plig gegee is om iets uit te voer om vir hulle die vorms te gee.

Maar wie het die vorms ontvang? Wie het dit gehou? -- Die vorms sowel as die notule was gehou deur Peter en die dag ook toe ek die vorms uitgegee het aan die mense, het ek die indruk gekry dat die terugbesorging daarvan sal aan Peter gedoen word.

Hoeveel voltooide vorms het teruggekom die dag? -- Ek het alreeds getuig dat ek laat daar opgedaag het, na die vergadering in aanvang geneem het. Met my aankoms daar het eerwaarde Moselane die vorms by hom gehad en hy was besig met toespraak aangaande daardie vorms. Ek weet nie hoeveel van die vorms terugbesorg was nie.

Het u self ook vorms teruggebring na die vergadering toe? -- Ja, dit is so.

Hoeveel het u gehad? -- Soos ek alreeds getuig het hier, ek het ŉ vorm gehad waarop ek 35 plus handtekeninge versamel het.

Het u na die vergadering vasgestel hoeveel handtekeninge julle versamel het? -- Nee, ongelukkig nie. Die opmerking wat gemaak was deur eerwaarde Moselane was dat die handtekeninge nie die getal van mense, die inwoners van Sharpeville regverdig nie, want dit is te min. Ons het hom nie gevra om te tel om te sien hoeveel handtekeninge daar is nie.

Wat het van die vorm geword wat u self teruggebring het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het? -- Toe ek daar opgedaag het terwyl hy besig was om daaroor te praat het ek die vorm neergesit voor hom op die tafel en toe ŉ sitplek gaan inneem.

Is daar enige petisievorms op die vergadering van die 2de geteken? -- Is dit nou op die 2de?

2 September 1984? -- Na die vergadering van die 2de is daar ŉ versoek gerig dat daar nog ander mense moet bykom, dat hulle ook maar nou die versameling van handtekeninge moet gaan doen. So, daardie mense se name is ook neergeskryf.

HOF : Nee, die vraag is of petisionarisse geteken het? -- Dit is vir my moeilik om vir hierdie hof te sê aangaande dit, want kyk, ons is nou tien mense daar en elkeen is besig om te skryf. Ek kan nie sê of daar nog mense was wat handtekeninge gegee het op die petisie in daardie vergadering of nie.

MNR. HANEKOM : Maar het jy nie gesien nie? Jy kan mos sien wanneer mense teken of nie? -- Ek sê ek was besig met ander name van die mense wat toe ingewillig het om die petisievorms rond te neem. Ek was besig om daardie name te skryf. Daar was wel ander mense wat besig was daar naby my, maar waaroor dit gegaan het sal ek nie kan sê nie.

Maar het u nie die mense se name na die vergadering opgeskryf nie? -- Ek verstaan nie die vraag nie?

Het u terwyl die vergadering aan die gang was en die mense toesprake gemaak het, nog mense wat handtekeninge moes versamel se name neergeskryf of het u dit na die vergadering gedoen? -- Dit was na die vergadering geskryf.

Dan vra ek u weer, het u nie gesien of het u gesien dat daar tydens die vergadering handtekeninge op die petisievorms geplaas is of nie? -- Ek het dit nie opgelet nie,

want/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

want indien dit gebeur het, sou dit dan probleme veroorsaak het in die vergadering in die sin dat mense nou op en af moet beweeg terwyl die vergadering aan die gang is en dit is voor die vergadering uit is. Ek glo nie dit sou die regte ding gewees het om te doen nie. Ek het dit nie opgelet nie.

Met ander woorde, die mense het nie die petisies geteken gedurende die loop van die vergadering nie? -- Nee, nie sover as wat ek gesien het nie, behalwe natuurlik as dit gedoen word op die manier dat mense vir mekaar stilletjies die vorm gee en dit aan die ander oorhandig word, dat dit geteken word, dat niemand bewus is daarvan nie.

Is daar petisievorms direk na die vergadering geteken? -- Ek sê na die vergadering uit was, het ek te doene gehad met die nuwe mense wat bygekom het met die rondneem van die petisievorms. Daar was wel van die ander ou lede wat alreeds daar te doene gehad het met dit wat naby my was, maar ek kan nie sê wat hulle besig was om te doen nie. Ek het dit nie gesien nie.

Toe Nana die pamflet oor die "stay-away" op die vergadering te voorskyn gebring het en daaroor gepraat het, wat het beskuldigde nr. 3 gemaak? -- Ek kan nie pertinent onthou wat hy gesê het na aanleiding daarvan nie. Ek kan wel onthou dat daar van die mense was wat dit in ag geneem het en daar was van die mense wat eintlik nie daarop gereageer het nie.

Het beskuldigde nr. 3 met u gepraat oor die pamflet wat Nana gehad het? -- Ek onthou nie dat hy met my daaroor gepraat het nie, maar sover as wat ek kan onthou, ek was verbaas toe hierdie vorm te voorskyn gebring is, of die

papier/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

papier wat daar getoon is.

U sien, beskuldigde nr. 3 het getuig dat hy vir u en vir Peter Hlubi - met julle gepraat het en vir julle gevra het of julle iets van hierdie pamflet af weet.

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Volume 232 bladsy 12 333. -- Ek onthou nie dat dit aan my genoem is nie. Dit kan wees dat ek miskien na daardie ding gekyk het en my aandag op daardie pamflet gevestig het terwyl dit daar getoon word. So, dit kan wees dat hy hier langs my daarvan gepraat het, maar ek het nie gehoor wat hy sê nie, omdat ek nie aandag daaraan gegee het nie.

Het Peter Hlubi verwys na die pamflet? -- Ek kan nie onthou spesifiek dat hy iets te sê gehad het daaromtrent nie want die mense het sommer vanself begin praat daarvan.

U sien, beskuldigde nr. 3 het getuig dat nadat hy vir u en vir Hlubi gevra het oor die pamflet het Hlubi vir die gehoor gevra of hulle dalk weet waar die pamflet vandaan kom? -- Ek kan nie onthou dat dit so gebeur het nie, maar wat ek wel kan sê is dat hierdie pamflet gelees is en die oorsprong daarvan is genoem.

Toe beskuldigde nr. 2 sy voorstel gemaak het dat die mense die volgende dag, 3 September by die kerk byeenkom, het hy vir hulle gesê waarom hulle byeen moes kom? -- Volgen my het hy ook nie presies geweet wat daar gedoen moes word nie, behalwe dat ek dink miskien wou hy gehad het dat die mense daar bymekaar kom in plaas van by die huis sit en niks doen nie, dat ons iets doen wat ons kan reg kry.

HOF : U meen behalwe by die huis niks doen nie, by die kerk ook maar niks doen nie? -- Nee, dit is nie die indruk wat

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek gekry het nie. Ek het verstaan dit is 'n "stay-away" en die indruk gekry dat met die "stay-away" mense net by die huis gaan sit en niks doen nie. So, toe hy die voorstel gemaak het dat ons na die kerk toe kom, het ek toe die gedagte gekry dat dit miskien raadsaam sal wees, die idee daarvan sal wees dat ons verdere handtekeninge versamel by die kerk of later kan besluit aangesien die mense tuis is om in die huise te gaan en daar handtekeninge te versamel.

MNR. HANEKOM : Was dit bespreek of was dit alles in u gedagtes? -- Dit is wat ek sê wat in my gedagte gebeur het. Andersins wat gesê was daar, was diegene wat nie werk toe gaan nie, laat ons almal kerk toe gaan en daar gaan sien wat ons gaan doen. Dus las ek by by dit wat ek nou net verduidelik het dat dit in my gedagte gekom het.

Afgesien van wat u gedink het oor die petisies, wat is gesê op die vergadering? Watter volgende stappe sal daar gedoen word met die petisie? -- Wat gesê is daar is dat ons meer lede moet kry vir die insameling van die handtekeninge. Wie ook al dit is wat baie handtekeninge ingevorder het, sal daardie vorm dan by eerwaarde Moselane se huis gaan los.

Is daar 'n sperdatum gestel wanneer al die vorms in moes wees? -- Nee, daar was geen bepaalde datum wanneer die laaste dag moet wees nie, want eerwaarde Moselane was nie beskikbaar in daardie paar dae nie. So, al wat gesê was was dat die vorms by sy woning ingehandig moet word.

Is daar op die vergadering verwys na die interdik? -- Wanneer daar gepraat was van die petisie en die interdik, wat my betref, het ek nie die verskil geweet nie. Ek het aangeneem dat dit omtrent dieselfde ding is.

Het u geweet dat Khehla Mthembu genooi was om op die

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering te praat? -- Nee, ek was nie gesê van 'n gasspreker wat op hierdie vergadering teenwoordig sou gewees het nie.

Uself was gekant teen die "stay-away" op 3 September 1984. Is dit reg? -- Heeltemal gekant daarteen.

Toe beskuldigde nr. 3 vir u vra om die volgende dag nie werk toe te gaan nie, maar ook na die kerk toe te kom, het u nie vir hom gesê "maar ek is gekant daarteen, ek wil liewers werk toe gaan" nie? -- Ons het dit breedvoerig met hom bespreek. Wat my redes was en my opinie dat ek gekant was teen daardie houding van wegbly, maar omdat hy self nie teenwoordig sou gewees het nie, het dit toe nodig geword dat ons mense wat eintlik met hierdie werk naby hom was, teenwoordig behoort te wees in sy afwesigheid.

Wat is bespreek, wat sou u funksie daar wees op 3 September? -- Daar was geen besluit geneem voor die dag van die 3de nie. Wat dan gebeur het was dat ons bymekaar sou gekom het daar op die 3de. Ons sou dan besprekings uitgevoer het indien enige en dan die werk verdeel het.

HOF : Was mnr. Hlubi ten gunste of teen die "stay-away"? -- Volgens my waarnemings was Hlubi gekant gewees teen hierdi wegbly-aksie van die 3de, maar na die eerwaarde ons nou gevra het om teenwoordig te wees, het dit toe sy gevoelens verander.

Maar nou het ek 'n probleem. Julle is net twee mense in die kantoor. Albei van julle is ten gunste van werk teen die wegbly-aksie, tog gaan nie een van julle werk nie. Watter reëlings is daar nou getref met die kantoor? -- Wat Peter betref, dit sou geen doel gedien het dat hy alleen kantoor toe gaan nie, want in die eerste plek, hy was nie op hoogte met wat daar gebeur nie en hy was ook nie bekend aan

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die mense, die werknemers wat die plek besoek nie, want as hy alleen daar is, die mense het net daar gekom en weer teruggegaan sonder om enige besigheid te doen waarvoor hulle daar gekom het. So, dit sou geen doel gedoen het dat hy alle daar is nie. Wat die telefone betref, as mense bel, kon Peter nie die mense se probleme identifiseer nie, want hy het hulle nie geken nie. So, dit was net so goed hy is nie daar nie, al is hy op kantoor.

Waarom het u dan nie maar gaan werk nie en hy die vergadering kom reël op die 3de nie? -- ŉ Ander rede is dat Peter het ŉ bietjie van ŉ gebrek gehad in sy spraak en Peter het foute gehad in sy optrede as ŉ voorsitter vantevore. So, ek moes maar altyd by gebly het vir regstelling van beide sy spraak of optrede as ŉ voorsitter. Dus moes ek altyd by hom wees. Hierdie sou nie ŉ goeie rede vir my gewees het om weg te wees van hom af nie.

MNR. HANEKOM : Net een dingetjie, u het nou gesê mnr. Hlubi was nie so op hoogte met die werk in die kantoor nie, maar ek het u hoofgetuienis verstaan dat Peter Hlubi juis gekry was om in die kantoor te werk omdat u nog nie so op datum was met die werk in die kantoor nie? -- Ons het verskil met pligte daar. In my veld van die pligte, dit is nou die korresponsensie, identifisering van mense en probleme wat hulle al gehad het, was ek op hoogte van alles en Peter het ŉ goeie ondervinding gehad van sake waar ŉ mens sommer so ontslaan is van die werk af, hoe om te werk te gaan met so ŉ persoon. So, ons het verskil met die ondervindings daar.

Waarheen het u gegaan direk na die vergadering op 2 September 1984? -- Na die gesprekke met eerwaarde Moselane is ek huis toe.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Waar het die gesprekke met beskuldigde nr. 3 plaasgevind? -- Op pad vanaf die kerk tot by die hek van sy woonplek het ons dit bespreek.

Wie was dit? Dit was uself, beskuldigde nr. 3 en wie nog? -- ŉ Derde persoon daar betrokke wat ek onthou was Peter.

Is dit al? -- Mense wat in my geselskap was is dié wat ek genoem het, alhoewel daar nog ander mense was in die nabyheid van ons wat ook in die perseel van Moselane ingegaan het.

U sien, beskuldigde nr. 3 het getuig dat na die vergadering het hyself, u, Peter Hlubi en die kerkopsiener, mnr. Mosuoane samesprekings by sy huis gaan hou, by beskuldigde nr. 3 se huis gaan hou?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Volume 232 bladsy 12 338 tot 9. -- Dit was dalk my fout gewees in hierdie antwoord. Wat ek bedoel is dat ons het saam gestap, die drie van ons, naamlik ekself, Peter en beskuldigde nr. 3 tot by die hek. Dit was net die drie van ons bymekaar, maar ons is saam met hierdie vierde man Mosuoane in die huis in waar verdere gesprekke uitgevoer is.

U sien, dit kan ook nie reg wees nie, want beskuldigde nr. 3 het verder getuig dat dit beskuldigde nr. 2 en Khehla Mthembu was wat tot by die hek saamgestap het, tot by die hek van die erf en daarvanaf is julle ander in die huis in? -- Wie het nou teruggedraai? Khehla Mthembu?

Niemand het teruggedraai nie, maar beskuldigde nr. 2 en Khehla Mthembu het tot by die hek van die erf saam gestap? Ek wil dit net regstel. Ek sien ek het "hek" doodgetrek

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in my aantekeninge. Hulle het tot by die erf saamgestap, nie tot by die hek nie? -- Miskien is ek die persoon wat nie die vraag verstaan nie. Mense uit 'n vergadering uit, sal jy vind dat hulle naby mekaar stap. Nie dat hulle noodwendig saam loop nie, maar naby mekaar stap. Party is miskien voor, of party langs mekaar en hulle loop toe tot by 'n sekere punt. Party besluit om daar te staan terwyl die ander besluit om voort te gaan.

Is dit bespreek dat beskuldigde nr. 2 ook op 3 September by die kerk moes wees? -- Nee, toe ons ooreengekom het dat ons by die kerk gaan wees op die 3de, was mnr. Hlomoka nie daar teenwoordig nie.

Ken u vir Esau Raditsela? -- Ja, ek ken hom.

Het hy op 2 September by die vergadering opgedaag? -- Nee, hy het nie.

Wat het na die vergadering van 2 September van die petisievorms geword? -- Wat gebeur het is die volgende. Daar was 'n versoek gewees vir meer mense om die petisievorms rond te neem en die tien wat alreeds die vorms in hulle besit gehad het, het van die voltooide vorms terugbesorg aan Peter en dit wat nog nie voltooi was nie, het hulle by hulle gehou.

Wat het geword van die vorms wat daar by beskuldigde nr. 3 neergesit is? -- Wat aan hom gegee was?

Ja? -- Ek het gesê die vorms was net voor hom gewees daar. Die voltooide vorms het ek aanvaar dat nadat hy daarmee te doene gehad het, dit is nou beskuldigde nr. 3, het die vorms toe in Peter se hande beland, behalwe die vorms wat nog nie voltooi was nie.

Wat het mnr. Hlubi na die vergadering met die vorms

gemaak/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gemaak? -- Ek het nie opgelet nie, maar ek het aanvaar dat Peter het daar 'n sak waarin hy dckumente gedra het. Ek het aanvaar dat hy dit in daardie drasak van hom gaan sit, want hy is die man wat vir alles gesorg het wat ons gebruik het.

Toe u vir Peter Hlubi die oggend van 3 September kry, het hy petisievorms by hom gehad? -- Omdat hy hierdie drasak van hom gehad het, het ek aanvaar dat hy die vorms het.

Het u die oggend van 3 September petisievorms by u gehad? -- Die 3de?

Ja, die oggend van 3 September 1984? -- Na die vergadering van die 2de het ek 'n vorm by my gehad. Dit was nog in my besit gewees. Daar was niks op die vorm geskryf nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit was nie die vraag nie. Ons sukkel om antwoorde te kry op die vrae.

HOF : Dit lyk of die advokaat gelukkig is met u antwoord. -- Mag u die vraag herhaal vir my dan?

Die oggend van 3 September, het u 'n petisievorm gehad? -- Toe ek die oggend opgestaan het, het ek nie die vorm gehad nie. Die vorm was op die tafel gewees daar.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : In jou huis? -- Ja, in die huis.

MNR. HANEKOM : Het u net een vorm in u besit gehad op die oggend van 3 September? -- Ek praat nie van 'n een vel vorm nie. Dit is 'n dik blad vorm. Heel bo-op was geskryf waarvoor die petisie was. Dan kry jy die syfers 1 tot 10 miskien aan die een kant. Dan is daar miskien ŏf aan die agterkant ŏf aan die tweede bladsy, twee, drie of vier bladsy aangeheg by hierdie een wat dien as 'n voorblad vir hierdie petisievorm. Dit het ook 'n nommervolgorde wat volg op die een wat heel voor aan is. Dit kan wees tot op 100, maar

omdat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

omdat dit nou vasgeheg is aan een met ŉ "stapler", noem ŉ mens dit ŉ vorm.

Was daar handtekeninge op daardie vorm? -- Is dit nou die vorm van die tweede waarvan u praat? --

3 September 1984? -- Ja, nou onthou ek. Die 2de, na ek teruggekom het vanaf die vergadering met hierdie vorm, was die vorm op die tafel gewees by die huis en my buurmense wat by die vergadering was, het by my daar aangedoen en dus die vorm daar op die tafel geteken.

Is dit al handtekeninge wat u gekry het op 2 September 1984, dié wat die bure daar by u huis geteken het? -- Soos ek alreeds gesê het, toe ek teruggekeer het vanaf die vergadering, moes ek gaan rus het, want ek was moeg. Met die vorm op die tafel, die mense wat daar opgedaag het, het toe die vorm geteken daar op die tafel en dit weer daar gelos.

Die vraag was eenvoudig, was dit al handtekeninge wat u gekry het op 2 September, dié wat die mense daar by u huis geteken het? -- Nee, ek het nie die vraag so verstaan nie. Op pad vanaf die vergaderplek by die kerk het ek by verskillende areas verbygegaan. Putsoastene en Rooistene ensovoorts. Maar waar ek nou by my area gekom het, die eerste huise daar in die omgewing, het ek toe daar aangedoen en handtekeninge daar versamel, al was dit nie soveel nie.

U sien, die indruk wat ek gekry het van u hoofgetuienis was dat u eers huis toe gegaan het? U het gesê u het huis toe gegaan en toe het u na ŉ paar huise daar naby gegaan en handtekeninge gaan versamel? -- Dit is miskien ŉ kwessie van dat ŉ persoon nie duidelik praat nie, maar wat ek bedoel het daar was dat op pad huis toe, het ek by die huise langs die pad in my area aangedoen en die petisie aan die

inwoners/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

inwoners daar verduidelik en die doel daarvan aan hulle verduidelik en toe die handtekeninge gekry.

Het u die oggend van 3 September 1984 die petisievorms saam met u geneem? -- Saamgeneem waarnatoe?

Toe u die huis verlaat het om kerk toe te gaan? -- U moet nou mooi verstaan. Ek is eers uit die huis uit om te gaan sien wat gebeur. Terwyl ek daar was het ek toe by Peter aangesluit of hy het by ons aangesluit. Toe ek teruggekeer het huis toe om myself te gaan voorberei sodat ek na die kerk kon gaan, was ek saam met Peter gewees. Met ons aankoms by die huis het hierdie vorm nog op die tafel gelê. Die vorm was nie in my fisiese besit gewees nie. Dit was in my besit gewees as ons uitgaan, maar fisies nie. Peter het dit in sy drasak gehad.

Weet u wat uiteindelik van al die petisievorms geword het? Het u ooit gehoor wat daarvan geword het? -- Ek het nie kennis van wat toe later geword het van hierdie vorms nie, as gevolg van die feit dat die probleme daar was wat toegeneem het.

HOF : Wat het van mnr. Hlubi geword? -- Ek weet nie wat van Hlubi geword het nie, want ek en hy is toe daar uitmekaar uit op die stadium waar ons besluit het dat ons moet - dat ons op die manier moet loop. Twee mense op 'n slag bymekaar nie meer as dit nie. So, ek het nie saam met hom gegaan nie, hy het agtergebly. Ek het toe by hierdie klomp aangesluit, ek was gedwing om daar aan te sluit. Ek het dus nie geweet wat van hom geword het nie.

MNR. HANEKOM : Na daardie dag, na 3 September en tot u in hierdie hof kom getuienis gee het, het u mnr. Hlubi weer gesien? -- Ons het mekaar raakgeloop, dit was in 'n hysbak

gewees/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gewees te COSATU. Ons het mekaar net gegroet en nie gepraat nie.

Wanneer was dit? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie. Dit kan wees dat dit vroeg in die begin van hierdie jaar was.

Het u nie met hom gepraat oor wat uiteindelik van al die petisievorms geword het nie? -- Hier staan ek, die hysbakdeur maak oop, hier is ons in die hysbak, hy vra my, ek sê vir hom kyk dit is my kantoornommer op die 9de vloer. Hy sê vir my "Ek sal jou nou daar kom sien" en hy het nooit daar uitgekom nie.

Wel, ek stel dit aan u dat daar ook geen petisies was op 2 of 3 September 1984 nie? -- Ek stem nie saam met u nie. Ek persoonlik het fisies daardie petisievorm besit.

En ek stel dit ook aan u dat op 2 September 1984 daar op daardie vergadering besluit is om 3 September 1984 'n optog te vorm na die Administrasieraadskantore toe by Houtkop? -- Nee, ek stem nie saam nie. Die mense wat by hierdie vergaderings was, is bejaarde mense, wat skaars kan loop 'n distansie vanaf Phelandaba na die kerk toe. Dat dit nou besluit word dat hulle moet loop daarvanaf, dit wil sê van Sharpeville af na Houtkop toe. Ek is jammer, dit kon net nie gebeur het nie.

Ek wil dit ook aan u stel dat die besluit was dat hulle by die kerk, by beskuldigde nr. 3 se kerk moes byeenkom en dat die optog daarvanaf sou vertrek? -- Dit kan nie wees nie. In die eerste plek was ons daarvan bewus dat almal nie daar teenwoordig gaan wees nie. Dit is net die mense wat nie werk toe sal gaan wat daar byeen sal kom en tweedens, daar was nog nie 'n besluit gewees wat daar dan gedoen gaan word nie.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En ek wil dit laastens aan u stel dat dit verder besluit is dat die mense wat nie by die kerk bymekaar kom nie, by die optog sal aansluit langs die pad? -- Daar as glad nie ŉ besluit gewees oor die optog by hierdie vergadering nie en wat wel sou gebeur het op die 3de is, ons sou daar bymekaar gekom het en dan begin praat het oor wat gedoen moet word.

Ek wil u net ŉ paar vrae ter afsluiting vra oor die groep wat u noem "Russians" is. Die oggend van 3 September toe u hulle in die straat gekry het, was u alleen in die straat of was daar ook ander mense in die straat? --Nee, nee, laat ons mekaar eers hier verstaan. Ek het gesê ek het persone teëgekom wat vir my voorgekom het asof ŉ mens hulle "Russians" kan noem of tsotsi's. Ek het nie pertinent gesê dat ek "Russians" teëgekom het nie.

Nou goed, die groep wat vir u soos tsotsi's gelyk het, toe u en Botso Nkoane hulle teëkom, was dit net u en Botso in die straat of was daar ook ander mense in die straat? -- Nee, ek sal nie sê ons was die enigste persone in die straat nie. Ek het geweet daar is mense wat ons volg. Dit is Peter en die ander, want ons het besluit om in pare van twee-twee saam te stap. Na hierdie groep wat ek gesien het wat aangekom het, was daar nog ander mense agter hulle in die straat. So, ek kan nie sê ons was die enigste twee nie.

Daar by die punt waar u gedwing was om by die groep aan te sluit, was dit net u en Botso of was daar nog ander mense in die straat? -- Ek verstaan nie die vraag nie, want net voor ons by hierdie klomp gekom het waar ons aangesluit het, was daar mense gewees wat ons gewys het "One line". Dit is ook mense in die straat. Ek verstaan nou nie wat

u/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

u daarby bedoel nie.

Laat ek dit so aan u verduidelik. Die mense wat gepraat het van die "one line", soos ek dit verstaan is deel van die groep tsotsi's. Behalwe u en Botso en die groep tsotsi's, was daar ander voetgangers op die strate? -- Daar was mense orals daar in daardie omgewing. Ek kan nie sê of hulle nou saam met die klomp was of nie en dus kan ek nie sê dat ons die enigste mense was wat nie 'n gedeelte was van daardie klomp nie.

K1029 Was dit net u en Botso wat op daardie punt gedwing was om by die groep aan te sluit? -- Waar die mense vir ons gedwing het om by hulle aan te sluit, was dit net ek en Botso gewees waarvan ek bewus was, maar as gevolg van skok daar, kon ek nie rond kyk om te sien of daar nog ander mense was nie. Dus kan ek nie sê of daar nie ander mense was nie.

Maar u het seker voor u die skok oorkom het gesien of daar nog mense in die straat was? -- Ek en Botso het daar normaal gestap en gesels oor eie dinge en hierdie ding het sommer skielik daar gebeur.

Ek stel dit aan u dat dit uiters onwaarskynlik is dat die groep vir u en Botso sou uitsonder om net vir julle te dwing om by hulle aan te sluit? -- Dit is vir my 'n bietjie moeilik om dit te verstaan, want die eerste persoon wat ons raakgeloop het wat na ons verwys het as raadslede, is by ons verby. Tot ons by hierdies gekom het. So, ek kan nie verstaan wat die stelling is nie.

Het die eerste persoon wat by julle verby is u glad nie gepla nie? -- Watter een is dit nou?

U het nou net gesê daar is die eerste persoon by u verby? -- Ek vra dat u my mooi verstaan. Ek sê terwyl ons daar

normaal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

normaal gestap het en gesels het tussen ons twee, toe ons ons koppe opgelig het, was op die stadium toe die persoon nou voor ons was en sê "Ja, councillors."

Goed, ek sal dit maar daar laat. U het getuig later nadat die groep uiteen gejaag is en weer gegroepeer het, het hulle u en u vader uit die huis kom haal en weer gedwing om saam te loop? En ook van die ander mense so gedwing? -- Ja.

Hoekom het hulle na hulle al hierdie moeite gedoen het besluit om u en u vader weer te los? -- Nee, nee, dit was nie ŉ besluit gewees nie. Toe die ou man aangestap gekom het saam met my het die mense daar gepraat en die een het gevra "Waar gaan jy heen met so ŉ ou man?" Later het hulle gesê "Laat die ou man teruggaan." Toe hy terugdraai, het ek ook maar my pad gesien wat ek kon gekies het om weg te kom van die mense. Dit was nie ŉ kwessie van dat hulle besluit het dat ons moet teruggaan nie.

Was u en u vader die enigste persone wat so gelos is nadat u aanvanklik in ŉ groep opgeneem is en toe gelos is?

MR BIZOS : The witness has just gone to some trouble to explain that she was not "gelos". She took her chances.

MNR. HANEKOM : Ek dog my vraag was duidelik of haar vader die enigste persoon is wat so gelos is?

HOF : Dit was nie so duidelik nie, want ek het hom eers geskryf "u en u vader".

MNR. HANEKOM : Ek is jammer, ek sal dit dan so formuleer. Was u vader die enigste persoon wat so gedwing was om by die groep in te kom en wat dadelik weer gelos is? -- Daar naby my, ja. Ek weet nie van ander by ander punte nie.

Wel, ek wil dit aan u stel dat u van die begin af openlik en vrywillig deelgeneem het aan daardie groep se optrede

(Mr Bizos/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : Is it proper where there is no evidence of this by the state. There is no allegation in die indictment. There has not been a suggestion of this from any witness. Is it proper for counsel to suggest to the witness that she was guilty of criminal conduct when in fact there is no evidence at all on the record on the defence case and we submit that it is improper.

HOF : Op watter basis maak u die stelling?

MNR. HANEKOM : Nadat ek probeer aantoon het aan die getuie hoe twyfelagtig haar getuienis op hierdie aspek is, maak ek die stelling aan haar dat sy vrywillig by hierdie groep aangesluit het en dit is vir haar om daarop te antwoord of dit so is of nie.

HOF : Maar op watter basis maak u dit? U kan net vir haar sê "Jou hele getuienis is eienaardig" punt.

MNR. HANEKOM : Ek stel dit aan u dat u hele getuienis van u betrokkenheid in daardie groep is uiters twyfelagtig? -- Ek wil dit duidelik maak aan die hof dat wat hier gebeur het is wat plaasgevind het terwyl ons op pad was na die kerk toe. Dit is net soos ek die hof vertel het.

Net een vraag nog oor die hele aspek. Nadat u vader losgelaat was, het u maklik van die groep ontslae geraak, uself? -- ek het gesê dit was moeilik gewees. Dit was nie ŉ maklike ding om te doen nie, maar ŉ mens het toe daardie moeilikheid gevat om te probeer wegkom.

Het enigiemand u probeer keer? -- Die mense is haastig, hulle gaan in ŉ sekere rigting. Die meerderheid van die mense kyk al in daardie rigting. Daar is net twee persone wat praat. Die een vra "Waar gaan jy heen met die ou man?"

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en hulle sê toe "Laat die ou man teruggaan." Hulle kyk terug en begin loop in die rigting wat hulle gegaan het en neem aan dat ek ook in daardie rigting gaan volg. Met dit hardloop ek in ŉ naaste perseel in en spring oor die omheiningsdrade of klim daar deur. Dit is al manier hoe dit gebeur het.

Toe u weggekom het, het enige van die ander mense wat gedwing was om in die groep te wees saam met u weggekom? -- Nie onmiddellik gelyktydig met my nie, maar later het ek opgemerk dat my kind teruggekeer het en ek kon duidelik sien dat die kind weggehardloop het van die klomp af en eerwaarde Teatea wat ek ook later opgemerk het, kon ek duidelik sien dat hy ook weggehardloop het van die klomp af.

Waar het u die eerwaarde teëgekom? Wanneer? -- Ek het nou die dag hier in my getuienis gesê dat die mense in verskillende huise gedwing was om uit te kom om by die groep aan te sluit. Eerwaarde Teatea is een van die mense wat gedwing was om by die klomp aan te sluit die dag.

Die vraag is waar het u hom teëgekom? -- Ek het hom gesien op ŉ stadium by die klomp aansluit en later toe hy teruggekeer het by sy huis, wat die derde huis is van ons huis af, het ek hom gesien.

Dit is al, dankie.

HOF : Ek het, voordat mnr. Bizos begin, nie ŉ wonderlike geheue nie, mnr. Hanekom, maar ek kan my nie herinner dat u aan hierdie getuie gestel het wat sy na bewering sou gesê het op hierdie vergaderings nie.

MNR. HANEKOM : Ek kan my ook nie nou herinner nie, maar ek verbeel my dat ek dit wel gedoen het op van die vergaderings.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : You were asked whether you

knew/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

knew Mr Raditsela? You said yes. What dealings, if any, did you have with Mr Raditsela? -- I had no dealings whatsoever with him. But what happened is, when I took up employment with the Orange Vaal General Workers Union, they had just parted. They were having their own offices in the immediate vicinity of the General Aid Centre. There was his office in which he was working.

And is that the only knowledge that you had of Mr Raditsela? -- Yes, what I knew was that Phillip Masia was working together at the same place for the same employer, that is the Industrial Aid Centre with Raditsela. They later parted when Masia started to work for this union, which is the Orange Vaal General Workers Union.

When you came there to work there, were they together or apart? -- When I started working there they were already apart, because I was working for the Orange Vaal and they for the Industrial Aid Centre.

At the meeting of the 2nd, that was on the Sunday, 2 September 1984, let us start with you, what was your thinking? Did you think that the stay-away call would be heeded or not? -- Does that mean the stay-away on the 3rd?

On the 3rd? -- My judgment of the people present at this meeting when mention was made of the stay-away was that the majority of the people from these I see here were going to go to work, although a few was going to stay away in the township.

Did you have any thoughts as to what you what you would do in relation to your office? Would you go to work or not go to work if a lot of people stayed away from work or only a few people stayed away from work? -- I was very much

concerned/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

concerned about my office this day. What I had in mind was the following. I was going to attend on the 3rd, that is going to the church on the 3rd and see how many people are there and what is done. May be we could just find some people to go about collecting the signature and then I would go to my office after having assessed the situation there. Even if it was at 12h00 midday I would still go to my office.

Did anyone at the meeting of the 19th or the meeting of the 12th of the meeting of 26 August 1984 or 2 September 1984 say "Maatla" or "Amandla" at the meetings? -- Yes, it did happen sometimes that you find a person who is just not controllable, who would just out of the blue shout "Amandla" and then at times you would find somebody saying "Awethu" without any just cause for that.

What are Black Power slogans, do you know? -- No, it may be of my knowing very little or not knowing at all about Black Power. I do not know what the shouting is.

You said that Nana, the speaker at the meeting of 19 Augustus 1984 moved about and looked one side and looked the other side whilst she was speaking and you were asked whether she was on the stage or not? -- Yes, I said that. I explained that she was not on the stage but on the ordinary floor.

How high is this stage? Is it a stage in the proper sense of the word?

COURT : What is a stage in the proper sense of the word?

MR BIZOS : Well, I think a stage would be at least .. (Court intervenes)

COURT : Just ask her how high this was and what it looked like.

MR BIZOS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : How high was the elevation which you call the stage? -- It is about the same height as the witness-stand in the court room.

COURT : About 20 centimetres.

MR BIZOS : Going away from these meetings, you told us and you were cross-examined at some length about the meeting of the councillors. I do not want to ask you a lot of questions about it. You will recall the councillors' meeting of 5 August 1984? -- Yes, I do.

How did the people in the Bafutsana Party feel about Mr Mokate and the other councillors that were elected on this ticket of helping the poor, when they turned over and joined the Lekoa People's Party?

COURT : Well, was the evidence-in-chief not that about two-thirds of the Bafutsana Party walked out?

MR BIZOS : I am sorry, I withdraw the question. I did not remember. The attack on your house and the union offices on 28 August 1984, did people in the union like Peter Hlubi and others know about these attacks? -- Yes, they came to know about the incidents because on talking about this incident, about the condition of the office which was attacked, I mentioned to Peter that take note that this what you see here is exactly the condition of my home. It has also been attacked and that I said in the presence of other people. Like for instance members of CUSA who were present there.

Do you know whether any of them have any contact with the press? -- I would not say yes, but it happens at times that a report about CUSA is found in a newspaper.

One final question. You told us that you held weekly meetings after the elections of November 1983 on Thursday

evenings/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

evenings at the Bafutsana Party. From January/February 1984 right up to 5 August, did Mr Mokate or any other councillor at your party meetings report that there was a plan afoot to increase the rent? -- No, not at all. No mention was made of that until I came across this in the newspaper.

Thank you, My Lord, we have no further questions.

NO FURTHER QUESTIONS.

MR BIZOS ASKS THAT WITNESS BE EXCUSED.

WITNESS WORKS AT COMMERCIAL AND CATERING ALLIED WORKERS UNION, C/O BREE AND QUARTS STREETS (CCAWUSA) TELEPHONE NUMBER AT WORK 23-2728.

MNR. JACOBS HET GEEN BESWAAR DAT GETUIE VERSKOON WORD NIE.

COURT INFORMS WITNESS THAT SHE WOULD HAVE TO ATTEND SHOULD SHE IS ASKED TO ATTEND, OTHERWISE SHE IS EXCUSED.

COURT ADJOURNS TILL 17 NOVEMBER 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.